

MATIELAND



UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH



2 : 1995



VIN DE TROIS - DIE WYN VAN DIE DRIE

DRIE BEKENDE WYNMAKERS EN RUGBYLEGENDES.
BOLAND COETZEE, HEMPIES DU TOIT EN JANNIE ENGELBRECHT,
SPAN SAAM OM DIE GROOTSTE RUGBYLEGENDE, DOC CRAVEN,
MET 'N BAIE BESONDERE WYN TE VEREER



DRIE OUD-MATIES, BOLAND COETZEE VAN VRIESENHOF, HEMPIES DU TOIT VAN ALTO EN JANNIE ENGELBRECHT VAN RUST EN VREDE, IS TROTS OM DRIE VAN CRAVEN SE SPRINGBOKKE, SOOS HULLE HULLESELF NOEM, TE WEES. AANGESIEN HULLE DRIE VAN SUID-AFRIKA SE BEKENDSTE WYNMAKERS IS, IS DIT FEITLIK VANSELFSPREKEND DAT HULLE DOC CRAVEN MET 'N UNIEKE WYN UIT 'N AREA WAT DIE MEESTE MET DOC GEASSOSIEER WORD, NAAMILK STELLENBOSCH, SOU VEREER.

VIN DE TROIS IS 'N UITSTEKENDE VERSNIT VAN CABERNET SAUVIGNON, SHIRAZ EN CABERNET FRANC. DIT VERTEENWOORDIG DIE BESTE TRADISIE VAN SUID-AFRIKAANSE ROOIWIJNE WEENS DIE GEBALANSEERDE KOMBINASIE VAN ROBUUSTHEID EN SAGTHEID EN WORD AANGEBIED IN TWEË MAGNUMS VAN 1.5 LITER ELK. DIT WORD SAAM MET TWEË 1.5 MAGNUMS ELK VAN GESELEKTEERDE CABERNET 85 EN GESELEKTEERDE PINOTAGE 85 AANGEBIED.....DIE KEUSE REFLEKTEER DIE OUDERDOM WAT DOC IN 1995 SOU WEES.

VOLGENS DIE BEKENDE WYNKRITIKUS, DAVE HUGHES, IS DIE GESELEKTEERDE CABERNET EN GESELEKTEERDE PINOTAGE BY UITSTEK GESKIK OM NUU REEDS GEDRINK TE WORD, MAAR DIE VIN DE TROIS BEHOORT TEEN DIE VOLGENDE RUGBY WERELDBEKERTOERNOOI OP SY BESTE TE WEES.

B E S T E L V O R M

DIE 6 MAGNUMS WYN WORD AANGEBIED TEEN R347 PER KAS (DIT SLUIT BTW, VERPAKKING EN AFLIEWERING IN). DIE TOTALE OPBRENGS WAT UIT DIE VERKOPE GEMAAK WORD, WORD IN DIE CRAVEN BEURSFONDS GESTORT VIR DIE ONTWIKKELING VAN RUGBY OP STELLENBOSCH.

VAN EN VOORLETTERS VAN PERSOON WAT DIE BESTELLING PLAAS



NAAM VAN SAKE-ONDERNEMING (INDIEN VAN TOEPASSING)

AANTAL KISTE

BEDRAG BETAALBAAR (AANTAL KISTE X R347)

R

A F L E W E R I N G S I N S T R U K S I E S

KONTAKPERSOON

TELEFOON:

W

H

FAKS

ADRES GEDURENDE KANTOORURE

TJEKS EN POSORDERS MOET AAN CRAVEN WYNAANBOD UITGEMAAK WORD

INDIEN BETALING PER KREDIETKAART GESKIED: TYPE:

NAAM VAN KAARTHOUER

NOMMER

VERVALDATUM

HANDTEKENING

MOENIE HIERDIE EENMALIGE GELEENTHEID OM DEEL TE HĒ IN 'N HISTORIESE GEBEURTEENIS, LAAT VERBYGAAN NIE! STUUR U BESTELLING SO GOU MOONTLIK AAN: CRAVEN WYNAANBOD, LOOPSTRAAT 140, KAAPSTAD, 8001

ISSN 0025 - 5947

JAARGANG 39 2 : 1995

Voorblad: 'n Groter as lewensgrootte standbeeld van dr. Danie Craven (en sy beroemde basterhond, Bliksem) help ook nou dat "Mnr Rugby" se legendariese naam voortleef "op die gras van ou Coetzenburg". By die standbeeld is Dawie Snyman (links), die Universiteit se Hoof Sportbeämpte (Rugby), en die Springbok Fritz van Heerden, een van die Rugbyklub se bekendste huidige spelers. Agter is die Jannie Marais-huis (US Sportburo) waar Dok Craven tot sy dood nog gereeld op kantoor was. Lees bl. 21. Foto: Anton Jordaan.

Matieland word drie keer per jaar uitgegee en gratis aan oudstudente en donateurs van die US gestuur.

Redaksiekantoor: Afdeling Openbare Betrekkinge Universiteit van Stellenbosch, Privaatsak X1, Matieland, 7602, tel. (021)808-4633/808-4851; Adreslystel. (021)808-4634; faks (021)808-4499.

Redakteur: Hans Oosthuizen **Redaksionele advieskomitee:** proff Walter Claassen (voorsitter), Christo Viljoen, Flip de Wet, Johan Groenewald en George Claassen; asook mnre Johan Fechter, Sunley Uys, Douglas Davis en Hans Oosthuizen.

Ontwerp en uitleg: Robert Schultheiss, Buro vir Universiteits- en Voortgesette Onderwys (Buvo), US; **Drukker:** Universiteit van Stellenbosch Drukpers.



Voëlvlug-blik - bl. 14



Spelers-mens - bl. 20



'Oupa Snoek' - bl. 24

MENING

Universiteite as bolwerk van vryheid:	
Groot uitdagings lê voor	2

KURSUSSE/COURSES

Twee swaargewigte by Sosiologie	5
Specialization in sign language linguistics	8
Geoloë vier eeufees	12
Unieke versameling edelstene	13

NAVORSING

Tandheelkunde-navorsers is baanbrekers	6
Groot deurbraak: Hulp vir lyers aan oorerflike hartsiekte	7

UITREIK/OUTREACH

Gencor help studente met R1,4 miljoen	4
Mediese genetici help met gestremdes	8
Vroue van Guguletu opgelei	9

PROFIEL

Morné du Plessis: Die volmaakte bestuurder, speler se soort mens... en 'n ware heer	20
---	----

SPORT

Dok (met Bliksem) op Coetzenburg verewig	21
Oud-Matie-gees help SA in wêreldstryd	22
Hokkieklub se droom ingewy	23

KUNS & KULTUUR

'Tempel der Muziek' vier nege dekades	18
Marmerbeeld vir Sasol Museum	18
Dosent se koor straal toekoms van hoop uit	19
Nog sewe Cilliers-Barnard-werke	19

ALLERLEI

Enigste in Afrika	4
Akademie vereer 3 dosente, nog 4 Oud-Maties	10
Koshuise kry netwerkpunte	11
'n Voëlvlug oor die kampus	14
Die nuwe Stem van Radio Matie	25
Maties presteer	26

Debatsvereniging: Maties reël wêreldkompetisie	27
In memoriam	24
Reünies	30

Universiteite as bolwerk van vryheid GROOT UITDAGINGS LÉ VOOR

**Die Rektor en Visekanselier, prof.
Andreas van Wyk, het die buitenge-
wone eer te beurt gevall om aan die
begin van Junie as genooide spreker
op die vyfjaarlikse lustrumviering
van die Rijksuniversiteit van Leiden
in Nederland op te tree.**

Dit word by hoogste uitsondering gedoen. Die rektor van Leiden tree gewoonlik as geleentheids spreker op by die groot akademiese byeenkoms (verjaardagviering en eregradeplegtigheid) in die geskiedkundige Pieterskerk in Leiden. Dié universiteit - die oudste in Noord-Europa - is 420 jaar oud en dit was dus vanjaar sy 84ste lustrumviering. Die tema van prof. Van Wyk se rede was die eeu-eue leuse van die Leidse Universiteit: *Praesidium Libertatis* (bolwerk van vryheid). Hy is uitdruklik versoek om sy voordrag van 45 minute in Afrikaans te lewer.

Rektore en ander akademici van meer as 30 van Europa se mees tradisieryke en bekende universiteite was teenwoordig - o.m. van Bologna in Italië (die wêreld se oudste universiteit), Heidelberg en Göttingen in Duitsland, Leuven in België, Uppsala in Swede, Trinity College in Ierland, die Karelsuniversiteit in Praag (Tsjeggië), die Universiteit van Krakow in Pole asook Oxford en Cambridge in Engeland. 'n Gedrukte Engelse vertaling van prof. Van Wyk se voordrag was vir van hierdie mense beskikbaar. Eredoktorsgrade is verleent aan akademici van Nederland en die VSA.

Prof. Van Wyk - wat in 1976 'n doktorsgraad in die regsgelerheid met lof aan die Leidse Universiteit behaal het - was ook die enigste buitlander wat in dieselfde tyd genooi is om die kwartaallikse vergadering van die Nederlandse Komitee vir Universiteitshoofde by te woon. Die Leidse Universiteit het hom ook vereer met die Willem van Oranje-medalje, 'n eretekenning vir besondere prestasies.

Hier is 'n verkorte weergawe van Prof. Van Wyk se lustrumrede:

Nederlands bied vir dié wat Afrikaans ken, 'n venster op en aansluiting met Europa en die wêreld, en omgekeerd. Leiden kan ook 'n buitengewone bydrae lewer tot die opbou en behoud van Suid-Afrikaanse universiteite se *praesidia libertatis* op 'n vasteland wat juis op universitaire gebied gemarginaliseer is. Die agteruitgang en verval van universiteite elders in Afrika is, volgens die Wêreldbanks, grotendeels die gevolg van 'n miskenning van akademiese vryheid en universitaire autonomie.

Die moderne universiteit word gekonfronteer met 'n hele reeks uitdagings wat akademiese vryheid kan bedreig.

Akademiese vryheid - die afwesigheid van voorafgaande sensuur en owerheidsbemoeienis - word as fundamentele reg beskerm in Italië en Duitsland, en nou ook in die Suid-Afrikaanse oorgangsgrondwet. In Frankryk, Nederland en Amerika geskied die erkenning meer onregstreeks deur hofbeslissings.

Sekere wêreldwye tendense geld vir alle hoër onderwysstelsels en -instellings, naamlik snel uitbreidende studentegetalle - gepaard met ongelyke toegang tot hoër onderwys, toenemende diversifikasie in hoër onderwys se strukture, programme en aanbiedingswyse, en finansiële beperkings.

Studentegetalle het wêreldwyd ontploff: van 13 miljoen in 1960 tot 65 miljoen in 1991. UNESCO ("United Nations Educational, Scientific and Cultural Organisation") verwag 'n toename tot 79 miljoen in 2000, en 97 miljoen in 2015. In ontwikkelende lande sal die ontploffing nog groter wees: van 30 miljoen studente in 1991 tot 50 miljoen in 2015.

In Suid-Afrika sal die 350 000 universiteitstudente van 1993 na verwagting toeneem tot 1,3 miljoen in 2010.

Die ongelykheid in toegang tussen ontwikkelde en ontwikkelende lande (in 1991 was 40,2 persent van mense tussen 18 en 23 jaar in ontwikkelde lande in hoër onderwysinrigtings, teenoor 14,1 persent in ontwikkelende lande) sal selfs vererger, met Afrika suid van die Sahara in die heel slegste posisie.

Van die belangrikste oorsake van groter diversiteit binne hoër onderwysstelsels is die groter vraag na hoër onder-

Nederlands
bied vir dié
wat
Afrikaans
ken, 'n ven-
ster op en
aansluiting
met Europa
en die
wêreld, en
omgekeerd



Prof. Van Wyk met die Willem van Oranje medalje wat die Leidse Universiteit aan hom toegeken het toe hy daar as genoide spreker by die vyfjaarlikse lustrumviering opgetree het.

wys, die behoefté om 'n groter verskeidenheid "kliënte" te dien, veranderende behoeftes in die arbeidsmark, wetenskaplike en tegnologiese vooruitgang, interdissiplinêre benaderings, en 'n drastiese besuiniging deur die owerheid wat tot die ontwikkeling van koste-effektiewer programme en onderrigmetodes lei. Roter diversiteit lei egter tot probleme van gehalteversekering.

Besuiniging in staatsbesteding aan universiteite, ondanks die snelgroeende vraag na universiteitsonderrig, is 'n wêreldwye verskynsel. In ontwikkelende lande het dit in baie gevalle tot 'n byna totale ineenstorting van universiteite se infrastruktur en grootskaalse emigrasie van gekwalifiseerde personeel gelei.

Alternatiewe inkomstebronne is gesoek in die verhoging van studentegeld, kontraknavorsing, kortkursusse en so meer. 'n Ongelukkige gevolg in sommige lande was 'n konsentrasie van studentegroei in goedkoper vakrigtings ten koste van natuurwetenskappe en tegnologie. Universiteite moet op dié uitdagings reageer, want hoewel dit subtieler bedreigings inhoud as die direkte en brutale verkragtings van universitaire vryheid deur die owerhede van baie state in Afrika en elders, kan dit op die duur net so vernietigend wees.

Drie noodsaklike elemente van 'n strategie is: kwaliteitsbevordering en -meting, balans tussen direkte sosiale relevansie en akademiese waardes, en vernuwing van universiteitsbestuur.

Kwaliteitsbevordering en -meting: 'n Kernvereiste is dat hoër onderwys waarde vir geld moet gee. Ondanks debatte oor

standarde in 'n land soos SA, kan gehalte net gemeet word aan die maatstaf van dit wat internasionaal in die akademiese markplek as goed erken word.

Balans tusen direkte sosiale relevansie en akademiese waardes: Geen denkende akademikus sal die sosiale verantwoordelikheid van die moderne universiteit ontken nie, en geen denkende leier in die openbare of staatsektor sal van universiteite die levering van markklaar produkte verwag nie.

Vernuwing van universiteitsbestuur: 'n Werklik standhoudende modernisering van universitaire bestuurstrukture kan net geskied as dit uit die universiteitswese self kom. Terselfdertyd moet 'n universiteitsgemeenskap geanker wees in 'n institusionele kultuur wat spreek van tradisie en toekomsvisie.

Die behoud van die universiteit as *praesidium libertatis* vir toekomstige geslagte gaan hoe eise stel. Dit gaan heelwat spanning en selfs konflikte met eksterne rolspelers veroorsaak.

As naskrif tot bg. rede het prof. Van Wyk - met spesifieke verwysing na Suid-Afrika - die volgende aan Matieland gesê:

Tekens van spanning in Suid-Afrika rondom akademiese vryheid en universitaire outonomie het onlangs na vore gekom in die debatte rakende die Wetsontwerp op Nasionale Onderwysbeleid en die Wetsontwerp op die Nasionale Kwalifikasieraamwerk. Ná intensieve onderhandelinge namens 'n eenparige Komitee van Universiteitshoofde (K.U.H.) is universiteite en technikons gelukkig uitgesluit uit die omstrede bepalings van die eersgenoemde Wetsontwerp.

Hierdie onderhandelinge het ook geleid tot 'n voorgestelde kompromis in die tweede wetsontwerp wat sou verseker dat universiteite en technikons slegs met hulle instemming en die behoud van hulle akademiese vryheid in die beoogde nasionale kwalifikasieraamwerk ingesluit sou word. Hierdie kompromis is egter nie in die finale wetsontwerp opgeneem nie.

Die eenparige K.U.H. het ook 'n voorlegging aan die Grondwetlike Vergadering gemaak waarin vir die uitdruklike beskerming van sowel institusionele universitaire outonomie as individuele akademiese vryheid in die finale grondwet gevra word. Hierdie voorlegging sal met verdere vertoë opgevolg word).•

Gencor help studente met R1,4 miljoen

GENCOR het onderneem om sowat R1,4 miljoen oor vyf jaar vir die Universiteit se Akademiese Ontwikkelingsprogramme te skenk, om studente uit histories benadeelde gemeenskappe te help om Maties te word.

Dit is een van die grootste skenkings wat die Universiteit nog gekry het. Mnr. Eric Ratshikopha, waarnemende hoofbestuurder van die Gencor Ontwikkelingstrust, het die skenking aan die Rektor en Visekanselier, prof. Andreas van Wyk, oorhandig. Dit word gebruik vir die Gencor-brugprogram, 'n deel van die Akademiese Ontwikkelingsprogramme (AOP) wat in 1994 ontwikkel en vanjaar in werking gestel is.

Ruim steun is reeds uit die privaatsektor verkry om die AOP se koste te bestry. Die Gencor Ontwikkelingstrust, onder meer, het verlede jaar altesaam R340 000 geskenk, hoofsaaklik vir die eerstejaars se brugprogram aan die begin van vanjaar, wat verblyf, etes en onderrig insluit. Dié trust het dus reeds meer as R1,7 miljoen hiervoor bewillig.

Prof. Van Wyk het die trust geloof vir sy betrokkenheid by die US-AOP. Mnr. Ratshikopha het gesê die US se Gencor-brugprogram kan 'n model word vir ander SA tersiêre instellings - en selfs vir die regering.

Danksy die AOP studeer sowat 100 studente uit gemeenskappe met agterstande reeds sedert die begin van vanjaar slegs in die ingenieurswese, ekonomiese en bestuurswetenskappe en die natuurwetenskaplike rigtings aan die US. Daarsonder sou baie van dié studente nie universiteitstoelating gekry het nie.

Hulle kom meestal uit Wes-Kaapse bruin en swart gemeenskappe. Hul eerste jaar van graadstudie word oor twee jaar versprei en met die AOP deurvleg. Dié studente behoort daarna toegerus te wees om hul kursusse normaalweg voort te sit.

Die eerste intensiewe Gencor-brugprogram in byvoorbeeld wiskunde, akademiese taalvaardighede (Afrikaans en Engels), studie- en denkvaardighede asook rekenaar- en inligtinggeletterdheid is aangebied in die maand voordat die akademiese jaar teen middel Februarie begin het.

Tien van die 12 fakulteite is reeds by die AOP betrek en enkele honderde studente is hierby ingeskakel.



Dr. Ludolph Botha, direkteur van die AOP's, mnr. Eric Ratshikopha en prof. Andreas van Wyk met die oorhandiging van Gencor se R1,4 miljoen skenking.

ENIGSTE IN AFRIKA



Die enigste eksemplaar in Afrika van die Tübinger Atlas des Vorderen Orients - ook bekend as die TAVO-kaarte - is deur die Alexander von Humboldt Stigting aan die Departement Ou Testament in die Fakulteit Teologie geskenk. Die waarde van die skenking word op sowat R15 000 gestel. Die TAVO-kaarte handel oor die geskiedenis en geografie van die Midde-Ooste. Prof. Walter Claassen (regs), Viserekotor (Akademies), het die skenking namens die Universiteit amptelik van die Duitse konsul-generaal, dr. Friedrich-Carl Bruus, in ontvangst geneem. By hulle is prof. Hannes Olivier van die Departement Ou Testament.

2 swaargewigte by Sosiologie

Proff. Simon Bekker en Johann Mouton, twee akademici wat hulle ook as navorsers onderskei het, beklee nou albei professorate in Sosiologie aan die US.

Prof. Mouton is terselfdertyd die eerste direkteur van 'n belangrike nuwe navorsingsinstansie wat onlangs aan die Universiteit ontstaan het: die Sentrum vir Interdissiplinêre Studie. Voor sy aanstelling op Stellenbosch was

prof. Bekker die direkteur van die Sentrum vir Sosiale en Ontwikkelingstudies aan die Universiteit van Natal.

Hy was ook direkteur van 'n RGN-eenheid (Rural Urban Studies Unit) binne bg. sentrum.

Prof. Bekker is 'n Oud-Matie wat in 1975-'78 senior lektor in sosiologie aan die US was. Hy is eers as wiskundige opgelei en het in 1963 'n honneursgraad in wiskunde met lof aan die US behaal. Nadat hy 'n M.-graad in wiskunde in Amerika verwerf het, verdiep hy hom in die sosiologie - eers in Kanada en later behaal hy sy doktorsgraad aan die Universiteit van Kaapstad.

Hy was voorheen ook professor by Rhodes en Unisa, asook verbonde aan die Stedelike Stigting. In 1983 was hy 'n navorsingsgenoot aan die Universiteit van Oxford en in 1993 aan die sentrum vir die studie van swart Afrika (Centre d'Etude D'Afrique Noire) in Bordeaux, Frankryk. Twee Ernest Oppenheimer beurse tel onder die reis- en studietoekennings wat hy verwerf het.

Hy was onder meer 'n konsultant vir sewe instansies, waaronder die Wêreldbank, die Duitse Agentskap vir Tegniese Samewerking, Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika, Onafhanklike Ontwikkelingstrust en die RGN.

Voor sy aanstelling by die US was *prof. Mouton* 11 jaar aan die RGN verbonden, waar hy sedert 1993 uitvoerende direkteur van die Sentrum vir Wetenskapontwikkeling (SWO) was.

Hy het al sy akademiese kwalifikasies met lof op Potchefstroom en aan die RAU behaal en was ook as dosent of navorser aan albei dié universiteite verbonden. Sy doktorsgraad het hy in 1984 aan die RAU behaal.

Onder die toekennings wat hy ontvang het, is meriete-toekennings van die RGN (1987, '88). Hy was al as eksterne eksaminator of kursusradgewer by sewe ander SA universiteite betrokke. Sedert 1985 was hy betrokke by meer as 20 opleidingskursusse in navorsingsmetodologie wat die RGN saam met verskillende SA universiteite aangebied het.

Prof. Mouton het verskeie publikasies gelewer, waaronder (as medeskrywer) "Basiese begrippe in die metodologie van die geesteswetenskappe" (1985) wat reeds vier herdrukke beleef het.

Die Sentrum vir Interdissiplinêre Studie is veral toegespits op navorsing oor Interdissiplinariteit, die metodologie van die sosiale wetenskappe en wetenskapstudies.

Aanvanklik val die klem sterker op die menswetenskappe, maar die sentrum wil hom op al die wetenskappe toespits. Daar word beoog om interdissiplinêre navorsing binne en tussen alle verskillende wetenskappe te bevorder.



Proff. Johann Mouton (bo) en Simon Bekker



'n Belangrike interdissiplinêre navorsingsprogram in die sosiale wetenskappe wat reeds aangepak is, handel oor "Verskuiwings in waardestelsels en sosiale transformasie in Suid-Afrika."

'n Omvattende nagraadse program in sosiale wetenskaps-metodologie word vanaf 1996 saam met die Departement Sosiologie aangepak. Dit sluit o.m. in 'n gevorderde nagraadse diploma, 'n gestruktureerde meestersgraad en 'n aantal weeklange sertifikaatkursusse oor 'n verskeidenheid onderwerpe.


Die sentrum werk ook saam met die US se Afdeling Akademiese Ontwikkelingsprogramme aan die evaluasie en ontwikkeling van dié afdeling se programme, wat sedert verlede jaar aan die Universiteit hul beslag gekry het. •

Tandheelkunde:

Navorsers is baanbrekers

Die Navorsingsinstituut vir Mond- en Tandheelkunde het sedert sy ontstaan in 1986 betekenisvol tot die ontsluiting van nuwe kennis bygedra. Navorsers van die instituut het al verskeie kere pionierswerk gedoen.

Hulle was byvoorbeeld die eerste om die profiel van mondletsels, insluitend spesifieke virale letsels, in Suid-Afrika aan te teken en te beskryf. Lede van die instituut het ook aangetoon dat daar in Suid-Afrika 'n verhouding bestaan tussen loodbesoedeling in die lug en loodversameling in tande, bloed en been.



Van die belangrike navorsing in die instituut is dié oor tandheelkundige materiale. Hier ondersoek dr. Pepe Senekal een van sy toetsherstellings.

Die patroon van fluoried-inkorporering in tande is gedemonstreer. Tabelle van fluoriedvlakke in die drinkwater van die meeste dorpe in Suid-Afrika is ook versamel en gepubliseer.

Die instituut het Suid-Afrika se eerste kiemvrye diere-eenheid geskep, wat kon wys hoe bruikbaar so 'n eenheid is in studies van die groei van mikrobes op tande en die ontstaan van sekere fungale siektes in die mond. Dit was ook moontlik om vir die eerste keer 'n duidelike verhouding aan te toon tussen die ontstaan van mondkanker en die gewoonte van areca- (betel-) neutkou.

Lede van die instituut het reeds in 1978, lank voor die instituut se ontstaan, in samewerking met die Mediese Navorsingsraad (MNR) die eerste konferensie in mondepidemiologie georganiseer. Dit het in die tagtigerjare tot 'n landwye opname oor mond- en tandheelkundige siektes geleid.

Van die instituut se lede is referente van verskeie wetenskaplike tydskrifte, soos "Archives of Oral Biology", die Suid-Afrikaanse Mediese Joernaal, Die Tydskrif van die Tandheelkundige Vereniging van Suid-Afrika en die "Journal of Forensic Odonto-Stomatology".

Verskeie prominente tandheelkunde-akademici is onder meer in staat gestel om doktorsgrade te verwerf. Onder hulle is US-dosente proff. Wynand Dreyer, die dekaan van Tandheelkunde, Nico Louw, hoof van Herstellende Tandheelkunde, en Sias Grobler, adjunkdirekteur van die instituut; US-ouddosente dr. Alan Farman (voorheen van die Departement Mondpatologie en nou van die Universiteit van Louisville, VSA) en prof. Cyril Thomas (voorheen hoof van Tandheelkundige Prostetiek, US, en nou 'n departementshoof by die Universiteit van Sydney); asook prof. Attie Lighelm, 'n departementshoof by die Universiteit van Pretoria, en dr. Hoosen Seedat, afgetrede hoof van die Maksillofasiale Eenheid by die King Edward VIII hospitaal in Durban.

Instituut-personeellede was ook medepromotors vir die doktorsgrade van prof. Hugo Retief ('n Oud-Matie wat nou 'n afgetrede professor van die Universiteit van Alabama, VSA, is), dr. Roberto Cleymaet (Vrye Universiteit, Brussels, België) en prof. Jairam Reddy (rektor, Durban-Westville).



Die dekaan en ook voorsitter van die instituut se beheerraad, prof. Wynand Dreyer (links voor), en prof. Werner van Wyk (direkteur) by die instituut se personeellede: mnr. Nicky Basson, mev. Kathy Drayton, mnr. Willem Fransman, prof. Sias Grobler (adjunkdirekteur) en mev. Carla Rossouw en Annette Olivier. 'n Aantal ander fakulteitspersoneellede is ook deeltjys by die instituut se navorsing ingeskakel.

Die eerste boustene van die instituut is 23 jaar gelede al gelê toe die MNR in 1972 navorsingsprogramme in tandheelkunde ingestel het. So het navorsingsgeriewe en kundigheid tot stand gekom wat baie tot die akademiese lewe en navorsing in tandheelkunde in Suid-Afrika bygedra het.

Die MNR-navorsingsprogramme het geleid tot die onstaan van 'n Navorsingsgroep in Tandheelkundige Epidemiologie in die MNR in 1977, met prof. Werner van Wyk, hoof, Mondpatologie, US, as eredirekteur.

Waar epidemiologie voorheen die grootste deel van die navorsing was, het die ontstaan van 'n navorsingsgroep dit moontlik gemaak om in mikrobiologie en analitiese chemie uit te brei en ook studies in die etiologie van mondsiektes te onderneem. Navorsing saam met lede van die Fakulteit Tandheelkunde het toegeneem en is na die Universiteit van Wes-Kaapland uitgebrei.

Die MNR het egter besluit dat MNR-navorsingsgroepe uitgefaseer moes word. Dit het in samewerking met die MNR geleid tot die instelling van die Navorsingsinstituut vir Mond- en Tandheelkunde aan die US.

Die instituut is in die Fakulteit Tandheelkunde gevestig en in die Opleidingshospitaal vir Mond- en Tandheelkunde gesetel. Werksaamhede in die instituut val op die skouers van die voltydse personeel met die hulp en medewerking van kollegas in die fakulteit. Navorsing word ook gedeel met personeel van die Fakulteit Geneeskunde asook ander SA universiteite en oorsese instellings. •

GROOT DEURBRAAK:

Hulp vir lyers aan oorerflike hartsiekte



'n SPAN NAVORSERS van die Fakulteit Geneeskunde en Tygerberghospitaal het die eerste keer in Suid-Afrika en waarskynlik in die wêreld, die posisie bepaal van die genetiese faktor (geen) in 'n oorerflike hartsiekte.

Die baanbrekerssoektog na die geen vir die hartgeleidingsstoornis Progressiewe Familiële Hartblok (PFHB) het reeds in die jare sewentig begin en die oorspronklike draer is deur nege geslagte van 'n groot Suid-Afrikaanse familie nagespoor.

Die bepaling van die posisie van die geen maak dit nou moontlik om in die betrokke families te voorspel wie die risiko dra om PFHB te ontwikkel. Terselfdertyd kan die geen self in die volgende paar jaar geïdentifiseer en bestudeer word.

Die bevindings van die navorsingspan is in 'n onlangse uitgawe van *Circulation* - 'n wyd erkende wetenskaptydskrif - gepubliseer.

Die navorsers is dr. Paul Brink van die Departement Interne Geneeskunde en dr. Valerie Corfield van die US en die SA Mediese Navorsingsraad (MNR) se Sentrum vir Molekulêre en Sellulêre Biologie wat in die Departement Geneeskundige Fisiologie en Biochemie gesetel is.

Vier van die navorsers wat die eerste keer die posisie van die genetiese faktor (geen) in 'n oorerflike hartsiekte bepaal het: mej. Alet Ferreira en Hanlie Moolman en drs. Paul Brink en Valerie Corfield. Mej. Hettie Weymar en dr. Pieter Luttig van der Merwe was nie by toe die foto geneem is nie.

Hul medewerkers was mej. Alet Ferreira en Hanlie Moolman van die US/MNR Sentrum, mej. Hettie Weymar van die Afdeling Kardiologie en prof. Pieter-Luttig van der Merwe van die Departement Pediatrie.

PFHB is 'n oorgeerfde siekte wat die geleidingstelsel van die hart aantast. Dit kan lei tot hartversaking, floute-aanvalle en skielike sterfte, selfs in jong mense. In die meeste gevalle stel die tydige inplanting van 'n pasaangeer mense wat aan die siekte ly in staat om 'n normale lewe te lei.

Die grootskaalse soektog na die genetiese faktor van PFHB is in die jare sewentig op tou gesit deur prof. Andries Brink, destyds dekaan van die Fakulteit Geneeskunde, en dr. Marie Torrington, voorheen van die MNR.

Hulle het vasgestel dat die oorspronklike draer van die siekte in 1696 uit Portugal na Suid-Afrika geïmmigreer het. Daar is vandag na raming tussen 'n duisend en 9 000 draers van die siekte onder sy afstammelinge. Die meeste van hulle is uit die Oos-Kaap afkomstig of woon steeds daar.

Benewens die voordele wat die bevinding van die navorsers vir die betrokke families inhou, is dit ook tot voordeel vir Suid-Afrika om 'n wêreldrol te kan speel om die onderliggende mechanismes van hartsiektes te bepaal. Uit 'n wêreldbevolking van ses miljard mense sterf daar jaarliks 48 miljoen. Hart- en bloedvatsiektes is verantwoordelik vir 12 miljoen van hierdie sterftes - 'n kwart van alle jaarlike sterftes in die wêreld.

Terwyl hart- en bloedvatsiektes dié groot oorsaak van dood in die ontwikkelde wêreld is, is dit die derde grootste oorsaak van alle sterftes in ontwikkelende lande. Gesondheidsorg dwarsoor die wêreld word dus in 'n baie groot mate aan hartsiektes gewy.

Benewens PFHB werk die navorsingspan van die Universiteit en Tygerberghospitaal ook op 'n aantal ander oorerflike hartsiektes waar genetiese oorsake reeds geïdentifiseer is. •

WYNLAND EIENDOMME

Daar is net een Matieland!
Daar is net een Wynland!

STUDENTEBEHUISING

Wye verskeidenheid om van te kies
Belê nou in Stellenbosch en wees verseker van
die beste groei op u eiendomsbelegging.

KAMPUS-AREA - WOONSTELLE

* VANAF R89 000 *

DORPSHUIS - 2 SLAAPKAMERS

* R170 000 *

skakel (021) 883 8192/3 (k/u)
883 3247 (n/u) Faks 883 9322
DORPSTRAAT 75, STELLENBOSCH




First in SA: Specialization in Sign Language Linguistics

FROM 1996, the Department of General Linguistics will offer a specialization in Sign Language Linguistics as part of the structured MA in Linguistics for language professionals.

At present, no university in South Africa offers the opportunity to study the linguistic issues relating to signed languages. Signed languages used by deaf people are gaining recognition by the wider community in South Africa, although up to now very little academic research into the structure and use of South African signed language/s has been conducted. There is, however, a growing body of research on signed languages in other parts of the world which researchers in this country can build on.

This specialization will be of interest to members of the deaf community, teachers of deaf children and the trainers of these teachers, speech/language therapists, audiologists, as well as those more interested generally in language acquisition and development, the acquisition of literacy in a second language and the sociolinguistics of marginalized language groups.

The specialization will be co-ordinated by Dr Debra Aarons, who has recently joined the staff of the Department of General Linguistics, having conducted her doctoral work in the USA on the syntax of American Sign Language. She has had extensive experience working with members of the deaf community in the USA and has been involved in academic research on various aspects of signed languages.



Links have been established with members of the South African deaf community and affiliated professionals, to locate this study within the South African framework. Using some of the knowledge about signed languages that has been gained in other countries, South Africans will be in a position to further the study of their own signed languages.

The course topics that are planned include: the linguistic structure of signed languages; sociolinguistic issues and deafness; the acquisition of signed languages by deaf children; bilingualism in the deaf community; and the development of literacy in deaf children.

The MA course is tailored to the needs of language teachers, lecturers, speech/language therapists, audiologists, translators, editors and language advisers who would like to study part-time through distance tuition. •

For further information about the Sign Language specialization, please contact Dr Debra Aarons at (021)808-2006. For more information about the MA in Linguistics for the Language Professions, contact the Department of General Linguistics at (021)808-2010. •

Mediese genetici help met gestremdes

GENETICI van die Tygerberg-kampus lewer 'n belangrike gemeenskapsdiens by die Alta du Toit Skool in Kuilsrivier - een van Suid-Afrika se grootste skole vir verstandelik erg gestremdes.

Wêreldwyd is een uit elke 250 kinders verstandelik erg gestremd (met 'n IQ tussen 25 en 49). Suid-Afrika het nou 300 000 kinders wat buitengewone onderwys moet kry maar skole vir net die helfte van hulle.

Daar is 300 leerlinge in die Alta du Toit Skool - sowat 170 in koshuise en 130 wat daagliks met bussies uit die Kaapse noordelike voorstede daarheen geneem word. Die ideale getalsverhouding tussen onderwysers en leerlinge vir so 'n skool is 1:8, maar die Alta du Toit Skool moes dit noodgedwonge reeds na 1:16 verdubbel. 'n Gebrek aan fondse knel uitbreiding en ontwikkeling by die skool.

Die skool is al hoe meer van donateurs afhanklik. Vanweë die groter getalle wat vir spesiale onderrig uitgeken word en die gebrek aan geld om hierin te voorsien, is voorkoming nou al hoe belangriker.

Saam met die Departement Gesondheid se afdeling genetiese dienste ondersoek dokters van die Mensgenetika-

afdeling in die Departement Verloskunde en Ginekologie (US en Tygerberg-hospitaal) al die skool se kinders - met die ouers se toestemming - hoofsaaklik om 'n diagnose te maak en die oorsprong van die gestremdheid vas te stel. Dit word dan met die ouers bespreek en hulle word onder meer oor die moontlike herhalingsrisiko ingelig. Owers en die skool se personeel word ook oor die prognose en spesifieke probleme van die toestand ingelig. Dit help om die beste hantering van so 'n kind te beplan - want die gestremde kind beïnvloed die hele gesinstruktuur. Ook broers en susters en selfs grootouers word by sulke inligtingsessies betrek.

Tot dusver is genetiese oorsake by 99 van dié leerlinge aangetref, van Down-sindroom (wat die meeste voorkom maar 'n lae herhalingsrisiko het) tot ander chromosoomafwykings wat tot gestremdheid lei. 'n Navorsingspan oor Williams sindroom (beter diagnose, voorgeboorte-diagnose en hantering) word nou beoog. Navorsing by dié skool het dus gelei tot 'n beter definiering van verstandelik erg gestremdheid - met beter opvoedingsprogramme en ook meer kennis oor die ontstaan van die probleem. •

Vroue van Guguletu opgelei



Mev. Ann Botha van die Departement Huishoudkunde (naaslinks agter) by die halfdlosyn vroue van Guguletu wat die kursus op die Matie-kampus gevvolg het. Hulle is (voor) mevv. Shiela Zide, Lindiwe Galela en Angelina Kwankwa en (agter) mevv. Agrinette Thinzi, Gloria Kakaza en Eunice Chungwa.

DIE DEPARTEMENT HUISHOUDKUNDE se missie is om mense te help om hul lewensgehalte te verhoog.

Dit sluit aan by die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram (HOP) se beginsels en die departement wil dié missie uitleef deur opleiding te verskaf wat ekonomiese selfstandigheid bevorder.

Een van die eerste projekte wat die departement met dié doel voor oë aangepak het, was 'n opleidingsprogram in grootskaalse voedselbereiding en in die bedryf van 'n eie sake-onderneiming wat Huishoudkunde-personeellede onlangs vir 'n groep vroue van Guguletu aangebied het.

Die geslaagde program het vier dae geduur. Dit het onderwerpe soos voedselhygiëne, geld- en tydsbestuur, kostberekening en die oorskakeling van resepte vir massaproduksie asook entrepreneurskap ingesluit.

Die vroue, almal lede van die JL Zwane Memorial kerk in Guguletu het die kursus hoog aangeskryf. Hul predikant eerw. Spiwo Xapile, sê die resultate kan reeds duidelik waargeneem word met die vlot verloop en organisering van kerkfunksies.

Die vroue beplan om hul dienste aan die gemeenskap beskikbaar te stel, om geld vir die kerk en vir hulself te genereer. Hulle beplan ook om spoedig hul eie spyseniersbedryf, die eerste vir Guguletu op die been te bring. •



'n Verpleegster by die Alta du Toit Skool vir gestremdes behandel een van die leerlinge in die skool se kliniek.



Geurstof-kenner

Prof. Hildegarde Heymann, 'n Oud-Matie wat aan die Universiteit van Missouri, VSA, verbonde is, is voorsitter van die "Sensory Division" van die Amerikaanse "Institute of Food Technologies".

Nadat sy B.Sc.Agric. (Wynkunde) in 1977 op Stellenbosch behaal het, het sy in Amerika verder gaan studeer en 'n doktorsgraad in landbou- en omgewingschemie aan die Universiteit van Kalifornië, Davis, verwerf. Sy is 'n kenner van die objektiewe metodes van geurstofanalise, sensoriese analise asook gevorderde statistiese tegnieke in aroma- en sensoriese navorsing. Prof. Heymann het die Universiteit vroeër vanjaar op uitnodiging van die Departement Huishoudkunde besoek en 'n werksessie vir akademici en bedryfslei aangebied. Sy wil binnekort (as medeskrywer) 'n handboek oor "sensoriese wetenskap" uitgee. •

Akademie

vereer 3 dosente, nog 4 Oud-Maties



Die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns het vanjaar pryse toegeken aan twee US-professore asook (postuum) aan 'n professor wat in 1976 afgetree het en in 1980 oorlede is.

Prof. Diko van Zyl, voorsitter van die Departement Geskiedenis, het die Stalsprys vir Geskiedenis ontvang. Die Stalsprys vir Wysbegeerte het gegaan aan prof. Anton van Niekerk, voorsitter van die Departement Filosofie. En die Akademieprys vir Vertaalde Werk is postuum verleen aan wyle prof. JPJ van Rensburg, wat as professor in Grieks afgetree het.

Dié geskiedenisprys is nou slegs die agste keer toegeken - en die vierde keer aan 'n Stellenbosse geskiedkundige. In 1948 het prof. Piet van der Merwe dit ontvang, in 1952 prof. HB Thom ('n latere Rektor en uiteindelik ook die US-Kanselier), en in 1974 prof. Dirk Kotzé. Al drie is reeds oorlede.

Prof. Van Zyl het die prys spesifiek vir sy bevordering van die ekonomiese geskiedenis ontvang.

Op 41-jarige ouderdom is prof. Van Niekerk die jongste wat die Stalsprys vir Wysbegeerte ontvang het. Nog 'n US-filosofiedosent, prof. Willie Esterhuyse, en 'n afgetrede dosent, prof. Johan Degenaar, is voorheen met dié prys vereer.

Prof. Van Niekerk, wat in 1980 die Kanseliersmedalje verwerf het, is ook direkteur van die US se Sentrum vir Toegepaste Etiel. Hy is redakteur van die internasionaal bekende *SA Journal of Philosophy*.


Die Stalsprys is veral aan hom toegeken vir een van sy boeke, *Rasionaliteit en Relativisme*, wat selfs uit die buiteland belangstelling ontlok het en aan verskeie Suid-Afrikaanse



Prof. Diko van Zyl



Prof. Anton van Niekerk



Prof. JPJ van Rensburg

universiteite voorgeskryf word.

Prof. Van Rensburg se postume verering is vir sy vertaling van Herodotus se Geskiedenis, *Die Ooste teen die Weste*, wat al die jare na sy dood ongepubliseerd gebly het totdat dit verlede jaar eers uitgegee is. Dit word beskou as een van die merkwaardigste boeke in Afrikaans wat in die onlangse verlede verskyn het.

Herodotus (ongeveer 484-425 v.C.) was die eerste groot oud-Griekse prosaïs en word tereg die "vader van die (Westerse) geskiedskrywing" genoem.

Prof. Van Rensburg het die Akademieprys vir Vertaalde Werk reeds drie keer tevore ontvang: In 1948 toe dit ingestel is (vir sy vertaling van *Die Vroue van Troje*, van Euripides); in 1963 (*Antigone* van Sophokles); en 1965 (*Ilias en Odusseia* van Homerus).

Proff. Van Zyl, Van Niekerk en Van Rensburg het al drie aan die US gestudeer. Nog vier Oud-Maties wat vanjaar deur die SA Akademie vereer is, is:

Prof. Elize Botha van Pretoria, wat die N.P. van Wyk Louw-medalje ontvang het (Lees ook die fotoberig hier onder);

Prof. J.A.G. (Jan) Malherbe van die Universiteit van Pretoria en voormalige dosent in Ingenieurswese aan die US, wat met die Havengaprys vir Ingenieurswese en Boukunde vereer is;

Dr Allan Heydorn, afgetrede hoof- uitvoerende beampte en nou 'n spesialis-konsultant van die Wêreld Natuurfonds, asook 'n eertydse dosent in ingenieurswese aan die US, wat die Akademie se Erepenning van die Fakulteit Natuurwetenskap en Tegniek ontvang het; en

Mnr. Niel Hauptfleisch, afgetrede hoofredakteur van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal, wat die Erepenning vir Leksikografiese Werk ontvang het. •




Prof. Elize Botha. Die N.P. van Wyk Louw-medalje van die SA Akademie is een van drie belangrike toekenning waarmee sy vanjaar vereer is. Sy het ook 'n eredoktorsgraad ontvang van Tukkies, waar sy onlangs as professor in Afrikaans afgetree het. En die Vlaamse regering het die Johan Fleerackers-prys vir besondere verdienste op kultuurgebied aan haar toegeken. Mnr. Hugo Weckx, Vlaamse minister van kultuur, het dié prys aan haar (en aan dr. Jakes Gerwel, voormalige rektor van die UWK en nou van Pres. Nelson Mandela se kantoor) oorhandig. Wyle Johan Fleerackers, die Belg na wie dié prys vernoem is, was 'n Oud-Matie wat in die laat vyftigerjare op Stellenbosch gestudeer het, en later verskeie kultuurbande tussen Suid-Afrika en Vlaandere aangeknoopt het. Prof. Botha dien sedert 1992 in die US Raad. Sy het B.A. en M.A. (1950, '52) albei met lof op Stellenbosch behaal.

Koshuise kry netwerkpunte



Anthon Voigt van Bellville, 'n tweedejaarstudent (B.Sc. met ingenieursvakke) is die eerste Dagbreker met 'n rekenaarnetwerkpunt in sy kamer. By hom is die Viserektor (Bedryf), prof. Christo Viljoen.



Studente van die manskoshuise Helderberg, Dagbreek en Eendrag het reeds rekenaarnetwerkpunte in hulle kamers. Hulle kan hul eie rekenaars daarvan koppel om toegang te kry tot die Universiteit se biblioteekstelsel, die rekenaarprogrammatuur in die rekenaargebruikersareas (RGA's), die kampusinligtingstelsels en die internasionale Internet netwerkdienste.

Die Universiteit het versoeke vir netwerkpunte van al die koshuise ontvang.

Sommige vrouekoshuise het gevra dat daar in dié koshuise mini-RGA's beskikbaar gestel word. Nemesia was die eerste vrouekoshuis wat so 'n mini-RGA ontvang het.

Toegang tot 'n netwerkpunt kos 'n skamele R220 per jaar. Vir toegang tot die mini-RGA's in die vrouekoshuise kos dit net R110 per jaar. •

Nemesia se primaria, me Ester Deetlefs, in die koshuis se mini-RGA by mnr. Helmi Dreijer (links agter), Direkteur: Tegniese Dienste, Informasietegnologie, en prof. Christo Viljoen, Viserektor (Bedryf).



Rekenaars monitor nou kragverbruik

Die US het 'n moderne energiebestuurstelsel in bedryf gestel. Dit kan personeellede help om die Universiteit te help om krag te bespaar.

Die Afdeling Instandhouding gebruik die nuwe stelsel om die elektrisiteitsverbruik in verskeie kampusgeboue te meet en die verbruikstatistiek op 'n sentrale rekenaar te stoor. Nie net die kragverbruik word gemonitor nie, maar ook die temperatuur van verskeie geboue wat deur lugversorgingseenhede beheer word.

Die stelsel kan help om baie geld vir die Universiteit te bespaar: deur lugversorgingseenhede optimaal te beheer en alle elektriese apparate af te skakel as dit nie gebruik word nie.

Alle US-personeellede is gevra om saam te span en alles moontlik te doen om kragverbruik te bespaar - want die rekenaar hou hulle nou dop! Departemente/afdelings kan in die toekoms selfs aparte kragrekeninge kry. •



Geoloë vier eeufees



"Die Departement Geologie streef na die mees relevante opleiding. Ons lewer prakties geskoolde geoloë wat wetenskaplikes vir Afrika kan wees".

So sê prof. Ingo Hälbich, die koördineerder van dié departement se eeufeesvieringe vanjaar. Hy het onlangs afgetree nadat hy sowat 25 jaar aan die departement verbonde en sedert 1981 van tyd tot tyd die departementeel voorsitter was.

"In al dié tyd het dit my opgeval dat die geoloë wat hier afstudeer altyd dadelik werk kry - selfs wanneer werk skaars is. Dit is 'n gunstige barometer vir die gehalte van ons studente en die toepaslikheid van ons opleiding," sê prof. Hälbich. Die departement is op 1 Julie 1895 aan die destydse Victoria Kollege gestig - in dieselfde jaar wat die South African College (voorloper van die Universiteit van Kaapstad) met 'n geologie-departement begin het. Die aanleiding hiertoe



Prof. Ingo Hälbich (links) en prof. Abraham Rozendaal.

was die ontdekking van diamante en goud in die binneland, en 'n besluit deur die Kaapse Parlement in Augustus 1894 dat 'n "skool vir mynwese" opgerig moes word, met gebruikmaking van bestaande fasiliteite by die twee kolleges.

Geologie is die US se vierde oudste Natuurwetenskappe-departement - na Chemie, Fisika en Wiskunde. Die eerste Stellenbosse professor in geologie was dr. Berthault de St. Jean van der Riet, 'n oudstudent van die Victoria Kollege. Hy het by aanstelling ook "addisionele verantwoordelikhede in die departement Chemie" gehad. Sy nagraadse opleiding het hy in Duitsland ontvang, o.a. in die nuutste metodes van mikroskopiese gesteente-onderzoek, en 'n doktorsgraad in Chemie verwerv. Hy is in 1903 oorgeplaas na die leerstoel in Chemie wat hy tot sy aftrede in 1940 beklee het.

Sy twee direkte opvolgers was Skotte: prof Robert Broom



Dr. Reyno Scheepers, 'n senior lektor in geologie, aan die US, en 'n tegniese beampte in dié departement, mnr. Richard O'Brien, het 'n skaars mineraal naby die Paarl ontdek wat voorheen net op enkele ander plekke ter wêreld - in Italië, Rusland en die VSA - gevind is. Die mineraal heet Baveniet en is die eerste berilium-mineraal wat in graniëte van die Kaapse Graniet Suite gevind is. Die twee geoloë het die Baveniet in 'n gruisgroeë teen die Paarlberg ontdek, waar dit sowat 520 miljoen jaar gelede gevorm is. Die mineraal is ontdek tydens 'n navorsingsprojek om die geochemie van Wes- en Suid-Kaapland se graniëtgesteentes te bestudeer.

(1903-'10) wat beroemd geword het as paleontoloog, en prof. SJ Shand (1911-'37). Prof. EJ Goddard, 'n Australiese bioloog, het gedurende 1911 waargeneem as departementshoof.

Prof. Shand word dikwels beskou as die eintlike grondlegger van die Departement Geologie op Stellenbosch. Hy was die eerste wat sy volle aandag aan die vak kon wy. Vir 25 jaar het hy aan die hoof van die departement gestaan. Soos Broom voor hom het hy wêreldberoemdheid verwerf met sy publikasies, en sy studente het mettertyd leidende posisies in die Suid-Afrikaanse geologiese gemeenskap ingeneem. Hy was besonder hoog geag as navorser en as leermeester.

Sedertdien het die departement nog ses hoofde/voorsitters gehad: proff. DL Scholtz (tot 1964), MS (Matie) Taljaard (tot 1966), S Maske (tot 1968), APG Söhne (tot 1978), WJ Verwoerd (1979 tot 1991 met tussenposes) en IW Hälbich (1981 tot 1995 met tussenposes). Vroeër vanjaar het prof. Abraham Rozendaal vir prof. Hälbich as waarnemende voorsitter opgevolg.

In die afgelope jare is daar deeglik oor dié departement se toekoms besin. (By minstens een ander SA universiteit is dié studierigting gestaak). Deeglike ondersoek, waarby kenners van buite die US, ook betrek is, het onlangs duidelik getoon dat die Departement Geologie se voortbestaan beslis geregverdig bly.

"In ons eeufesjaar kan ons dus met groot vertroue die uitdagings van die toekoms aanpak - deur voort te bou op 'n bewese tradisie van relevante en praktykgerigte opleiding en navorsing," sê prof. Hälbich. Die departement se onlangs aanvaarde missiestelling lui, eerstens, om aardwetenskaplikes op te lei "wat selfstandig en betroubaar kan optree t.o.v. die ontdekking, eksplorasie, omgewingsvriendelike ontginning, konsentrasie en veredeling, die ontleding van die genese en die ekonomiese aspekte rondom 'n mineralvoorkoms"; en tweedens om navorsing op bg. aspekte te doen - om die doeltreffendheid daarvan te verhoog en so die samelewing te dien. Die eeufees word deur die hele jaar gevier. Daar is eerstens 'n suksesvolle oudstudente-byeenkoms in Johannesburg gehou gedurende April vanjaar. Een van die vele hoogtepunte is 'n eeufeskursus in sedimentologie (21-25 Augustus) aangebied deur prof. Arnold Bouma van Louisiana State University, VSA, wat gevolg is deur 'n veldskool van drie dae in die Ceres-Karoo omgewing. 'n Eeufeskonferensie en ekskursie na die Weskus se minerale afsetting en mynboubedrywigheede word gedurende die tweede week van November gehou. Verskeie gassprekers is vir dié byeenkoms uitgenooi. Hulle kom onder meer uit Australië, Skotland, Nederland, Rusland en die VSA. Die konferensie word afgesluit met 'n eeufesete op 7

November.

Die "Journal of African Earth Sciences" van Elsevier publiseer 'n spesiale Stellenbosch eeufesvolume uitsluitlik met navorsingsbydraes van die departement en sy oudstudente. Die bekende geleenthedsrede van prof. SJ Shand "The making of a University" is herdruk en sluit in voorwoord deur die Rektor en Visekanselier, prof. Andreas van Wyk, in.

Om die vakgebied Geologie onder skoliere bekend te stel en te bevorder, is uitnodigings gerig aan al die skole in die omvaldelike omgewing om die departement te besoek. Die reaksie tot dusver was baie gunstig en tien skoolgroepe het die departement al besoek. Gedurende die hele eeufesjaar is daar 'n deurlopende uitstalling van die afgelope jare se navorsingsresultate.*



UNIEKE VERSAMELING EDELSTENE



Mej. Simône Barnard, 'n eerstejaarsstudent in geologie by die WP de Kock edelsteen- en diamantsameling in die Departement Geologie. Die departement se Gemmologie-afdeling - die eerste in die land en steeds die enigste aan 'n SA universiteit - het sedert sy ontstaan 25 jaar gelede daarin geslaag om 'n unieke versameling edelstene tot stand te bring. Dit maak die hart uit van die materiaal waartoe die gemmologie-kursusse aangebied word. Daar word egter ook altyd 'n groot verskeidenheid edelstene ten toon gestel as deel van die Mineralogie Museum. Die versameling is die vitzwaarigste wat in Suid-Afrika vertoon word. Dit is opgebou uit markante en ruim skenkings, van individuele versamelaars en lede van die juweliersbedryf. Van die belangrikste skenkings sluit in dié van Erick Frey (edelstene), dr. WP de Kock (edelstene en diamante), Cecil Chweiden (pêrels) en De Beers Consolidated Mines Bpk. tru en geslypte diamante. Onlangs is die Mike Mendelsohn versameling van diamante, edelstene en sintetiese edelstene aangekoop.*

'n Voëlvlug

Op bl. 16-17 is 'n lugfoto wat van suid na noord 'n blik oor die sentrale kampus bied. (Coetzenburg, Welgevallen, die Kweekskool, Helderberg-koshuis, die US Kunsgalery en enkele ander universiteitseiendomme is ongelukkig nie daarop nie - anders sou die detail op die foto te klein gewees het). Hier volg 'n indeks van geboue, departemente, ens. met nommers waarmee dit op die foto opgespoor kan word:

Aankope en Voorsieningsdienste 46
Administrasie A 24
Administrasie B 25
Administrasie C 26
Afrikaans (Opvoedkunde) 15
Afrikaans en Nederlands 23
Afrikaanse Kultuurgeschiedenis 14
Afrikatale 14
Algemene Taalwetenskap 14
Anorganiese Chemie 39
Antropologie 14
Argeologie 17
Bedryfsielkunde 27
Bedryfsingenieurswese 7
Beeldende Kunste 33
Beplanning, Fisiese 59
Beurse, Lenings (Voorgraads) 24
Beurse, Lenings (Nagraads) 25
Biblioteek (JS Gericke) 28
Biblioteek- en Inligtingkunde 14
Biochemie 37
Biometrie 36
Biotechnologie, Inst. 57
Bosbou 4
Boskunde 4
Botanie 22
Botaniese tuin 58
Buvo 24
Chemie 34, 38, 39
Chemiese Ingenieurswese 8
Cillié, GG 15
Dagbreek (John Murray-huis) 45
De Beers (Chemie) 34
Dienste, Afd. 25
Dönges, Eben, -sentrum 53
Drama 16
Duits 14
Eendrag 51
Ekonomiese 40
Ekonomiese & Bestuurswetensk. 40
Ekonomiese Ondersoek, Buro 40
Elektriese Ingenieurswese 6


Elektroniese Ingenieurswese 6
Ellerman-museum (Soölogie) 22
Engels 14
Engels (Opvoedk.) 15
Entomologie en Nematologie 36
ENWOUS 15
Erica 71
Filosofie 14
Filosofie van Opvoed., Histor. Opvoed. 15
Finansies, Afd. 25
Fisika 30
Fisiese Beplanning 59
Frans 14
Gemeenskapsdiens (Uskor) 64
Gemmologie 21
Genetika 36
Geografie 22
Geografiese Analise, Instit. 22
Geologie 21
Gericke, JS, -bibliotheek 28
Geskiedenis 23
Godsdieneskunde 14
Goldfields 1
Grieks 20
Grond-, Landbouwaterkunde 29
Handelsreg 20
Harmonie 56
Heemstede 68
Helshoogte 49
Hombré (Huis van Niekerk) 50
Hortologie 31
Houtkunde 4
Huis de Villiers 61
Huis Macdonald 2
Huis Marais 43
Huis Neethling 72
Huis ten Bosch 65
Huis van Niekerk (Hombré) 50
Huis Visser 44
Huishoudkunde 57
Industriële Wiskunde, Buro 9
Informasietegnologie 10
Ingenieurswese, Algemeen 9
Ingenieurswese, Bedryfs- 7
Ingenieurswese, Chemiese 8
Ing., Elektriese & Elektroniese 6
Ingenieurswese, Meganiese 7
Ingenieurswese, Siviele 5
Interdissiplinêre Studie, Sentr. 14
Internas., Verg. Arbeidsreg 20
Internas., Verg. Politiek, Sentr. 14
Irene 52
ISKEMUS 14
IWWOUS 18
Joernalistiek 19
John Murray-huis (Dagbreek) 45
Kamer van Mynwese 21
Kampusbeheer 13
Kliniese Sielkunde 63
Konservatorium 60
Kontekst. Hermeneutiek, Sentr. 14
Koshuisadmin. 24
Kursusse, Registrasie 24
Kursusse, Toelating 24
Landbou-ekonomie 36
Langenhoven-studentesentrum 32
Latyn 20
Lenings, Beurse (Voorgraads) 24
Lenings, Beurse (Nagraads) 25
Lettere en Wysbegeerte 14
Losies 24
Lydia 66
Maatskaplike Werk 14
Macdonald, Huis 2
Majuba 48
Malan DF, -gebou 37
Marais, CL 17
Marais, JS 36
Meganiese Ingenieurswese 7
Mens- en Dierfisiologie 37
Merensky (Fisika) 30
Mikrobiologie 57
Minerva 67
Monica 55
Musiek 60
Musiekopvoedkunde 60
Natuurbewaring 4
Natuurwetenskappe 22
Navorsingsadministrasie 25
Neelsie 32
Neethling, JH gebou 29
Neethling, Huis 72
NEFUS 14
Nemesia 71
Nerina 70
Ondernemingsbestuur 40
Onderwysadmin. Verg. Opvoed. 15
Openbare Betrekkinge 25
Openbare en Ontwikkelingsbestuur 14
Opvoedkunde 15
Opvoed. Sielkunde 15
Ortopedagogiek, Buiteng. Onderw. 15
Ou Hoofgebou 20
Ou Conservatorium 59
Ou Nabye Oosterse Studie 14
Perold AI 31
Personeeladministrasie 26
Plantpatologie 36
Pluimveekunde 29
Polimeerwetenskap 35
Politieke Wetenskap 14
Privaatreg, Rom. Reg 20
Publiekreg 20
Registrasie, Kursusse 24
Registrateursafd. 24
Regsgleerdheid 20
Rekenaarwetenskap 10
Rekeningkunde 42
Rectoraat 25
Risikobestuur 13

oor die kampus...

Sasol Kunsmuseum 53
Sauer, PO 4
Schumann, CGW 40
SENOUS 15
SENROB 7
Serruria 71
Sielkunde 41
Simonsberg 47
Siviele Ingenieurswese 5
Skaap- en Wolkunde 31
Skeikunde 38
Smuts, JC 11
Soölogie 22
Sosiologie 14
Stads- en Streekbeplanning 23
Statistiek 42

Statistiese Konsultasie, Sentr. 42
Studentegesondheidsdien 69
Studentevoorligting 62
Taallaboratorium 14
Teaternavoring, Sentrum 16
Termodinamika en Meganika 7
Thom, HB, -teater 16
Tinie Louw Sentrum 71
Toeg. Etiek, Sentrum 14
Toeg. Rekenaarwetenskap 10
Toegepaste Wiskunde 9
Toelating (kursusse) 24
Transporttegnologie 5
Universiteitsmuseum 53
Uskor Gemeenskapsdien 64

US Stigting 25
Van der Sterr 41
Veekundige Wetenskappe 29
Vervoerekonomie 40
Vervoernavoring, Sentr. 40
Verwoerd, HF 42
Voedselwetenskap 3
Voertuigpoel 12
Voorligtingsielk., Eenh. 41
Voorligting, Studente- 62
Vorster, BJ 14
Wilcocks, RW 23
Wilgenhof 54
Wingerd- en Wynkunde 29
Wiskunde 41
Woordeboek Afr. Taal 14



In jou toekomsbeplanning - is jy gereed, kom wat wil?

Jy staan op die punt graad te vang. Daardie relatief sorgvrye studentedae is bykans iets van die verlede. Binnekort gaan jy kennis maak met die harde werklikheid daarbuite. Private praktyk. En wie weet wat nog alles...

Unieke beskerming vir gegradueerde professionele mense.

PPS, wat deur beroepsmense vir beroepsmense gestig is, en ook deur professionele mense bedryf word, maak die toekoms heelwat veiliger. Deur dienste en voordele aan studente te bied wat op die punt staan om 'n professionele loopbaan te begin. Dit sluit in die beste siekte- en ongeskiktheidsvoordele, 'n belastingvrye enkelbedrag by aftrede, groep-termynlewensdekking, aftreeskemas, en ProfMed - die mediese hulpskema wat nommerpas is vir beroepsmense.

Sluit nou aan en slaan later meer munt.

Ja, die heel beste nuus is dat jou toekoms nie op die lange baan geskuif hoeft te word nie. Sluit aan terwyl jy nog 'n student is:

- Jou belastingvrye enkelbedrag neem toe hoe gouer jy lid word.
- Om as student aan te sluit is makliker, en mediese ondersoeke word selde vereis.
- Geniet die beskerming van die vereniging in geval van siekte of ongeskiktheid..uit die staanspoor!



Begin dus reg. Skakel gerus jou plaaslike
PPS kantoor, en wees dadelik los voor
wat jou toekoms betref.



Hoofkantoor: (011) 486-1088 Johannesburg: (011) 726-6024 Pretoria: (012) 43-2378 Durban: (031) 307-4541
Kaapstad: (021) 419-6049 Port Elizabeth: (041) 34-4070 Bloemfontein: (051) 30-6268





1

3

5

4

2

7

6

10

8

11

12

13

37

34

38

39

43

44

47

51

40

46

41

45

52

42

48

50

62

60

63

64

61

65

66

67

68

69


70

71

72

'Tempel der Muziek' vier sy nege dekades

Suid-Afrika se oudste tersiäre inrigting vir musiekopleiding, die US Konservatorium het vroeër vanjaar sy 90ste verjaardag gevier.



Die alombekende bynaam "Conserve" kom van "South African Conservatorium of Music", die private musiekskool wat Hans Endler, FW Jannasch en nog drie musiekdosente, Armin Schniter asook twee susters, Nancy de Villiers en Elizabeth von Willich, aan die begin van 1905 op Stellenbosch gestig het.

Prof. Endler was 'n Oostenrykse immigrant. Prof. Jannasch was die seun van 'n Duitse sendeling wat op Mamre naby Malmesbury gebore is, maar in Duitsland opgelei is. Schniter was 'n Switserse immigrant.

In die Konservatorium se eerste bestaansjaar is daar reeds met die oprigting van die Conservatorium-gebou in Van Riebeeckstraat begin. Dit is in Mei 1906 ingewy. In Mei 1978 is die huidige, moderne gebou in Victoriastraat ingewy.



Die Konservatorium het sy 90ste verjaardag gevier met 'n galasimfoniekonsert in die Endlersaal, met prof. Eric Rycroft wat die US Simfonie-orkes gedirigeer het. Ná die uitvoering toe die konsertgangers in die Endlersaal se foyer 'n heildronk op die "Conserve" gedrink het, was (van links) prof. Ryno Otterman, direkteur van die Konservatorium, mev Yvonne Richter van Kaapstad, dogter van prof Hans Endler na wie dié saal vernoem is en wat in 1905 een van die "Conserve" se stigters was, asook mev. Hubert Rupert en dr. Anton Rupert.



Jannasch was direkteur van die Konservatorium tot 1921 en daarna het Endler tot in 1934 dié pos beklee. In daardie jaar het hy as die laaste oorblywende eienaar die Konservatorium met sy gebou, grond, meubels en ander toerusting vir 6 500 pond aan die Universiteit verkoop. Sedertdien is dit 'n departement in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte. Daarna het oudstudente van die Konservatorium die direkteure geword: proff. Maria Fismer tot 1951, George van der Spuy tot 1960, Richard Behrens tot 1988, en sedertdien prof. Reino Ottermann.

Teen die sewentigerjare was Endler-hulle se gebou in Van Riebeeckstraat heeltemal te klein en onvoldoende. Vroeg in 1978 het die Konservatorium sy intrek geneem in sy funksioneel en esteties geslaagde nuwe gebou op die hoek van Victoria- en Neethlingstraat.

Die Konservatorium huisves ook die Departement Musiekopvoedkunde, Fakulteit Opvoedkunde, met mej. Helena du Plessis as departementshoof. Haar voorganger was wyle prof. Philip McLachlan. Die Musiekbiblioteek, met mej. Elda Nolte as hoof, vorm 'n belangrike deel van die Konservatorium.

In sy nege dekades het die Konservatorium honderde musiekonderwysers, orreliste, sangers, instrumentaliste en musiekwetenskaplikes opgelei. Van dié oudstudente het hulle onder meer ook onderskei as joernaliste asook radioen televisiemense.

Die "Conserve" het ook aan duisende Maties die geleentheid gebied om aan koor-, orkes- en ensemble-aktiwiteite deel te neem. En die breë publiek is terselfdertyd verryk met talle Konservatorium-uitvoerings deur personeel en studente maar ook deur ander Suid-Afrikaanse én oorsese musici. Die wens wat met die inwyding van die ou Conserve-gebou in 1906 uitgespreek is, geld na 89 jaar nog net so vir die Konservatorium - dat dit "als Tempel der Muziek dienst zal doen en die Faam van Stellenbosch nog verder over Zuid-Afrika zal verspreiden". •

Marmerbeeld vir Sasol Kunsmuseum

Caroline van der Merwe, 'n eertydse Kapenaar wat sedert 1983 in Italië woon en veral as beeldhouer naam gemaak het, en prof. Muller Ballot, Direkteur van die Universiteitsmuseum, by 'n marmerbeeldhouwerk van haar wat sy onlangs aan die museum geskenk het. Die werk (*Rising Torso*, 1991) was deel van 'n uitstalling van sowat 40 beeldhouwerke asook 'n aantal tekeninge en etse van haar wat in die Sasol Kunsmuseum op die kampus aangebied is. Prof. Dian Joubert, 'n afgetrede sosiologiedosent aan die US, het die uitstalling geopen. Dié kunstenares werk in Pietrasanta, 'n Toskaanse stadje aan die Italiaanse weskus wat die

mekka van Europese beeldhouwers is. Net klein hoeveelhede van haar nuutste werk is dus slegs vyf keer die afgelope dekade in Suid-Afrika uitgestal. In Europa het sy sedert die vroeë jare negentig - meestal as genooide kunstenaar - aan sowat 20 groepuitstellings deelgeneem, asook 15 solo-uitstellings in Italië en Duitsland gehou.

Haar eerste deelname aan 'n solo-uitstalling was in 1973 in Kaapstad. Sy het daarna reise na Italië, Duitsland, Engeland en die VSA onderneem en in 1982 in Londen vir die eerste keer aan 'n internasionalê uitstalling deelgeneem. •

Dosent se koor straal toekoms van hoop uit



'n Toekoms van hoop. Dit is wat die multikulturele Transnet Libertaskoor van prof. Johan de Villiers spontaan uitstraal.

En vroeg aanstaande jaar sal sowat 4 000 van die wêreld se voorste ekonomiese leiers ook kan deel in dié hoop wanneer dié besonderse koor sy eerste oorsese reis onderneem. Buiten hul optrede by die Wêreld Ekonomiese Forum in Davos, Switserland, is optredes ook bespreek in Parys, Brussel, Amsterdam, Bonn, München, Salzburg en Zürich.

"Ek glo 'n koor gaan toer nie oorsee nie, maar gaan werk. Hulle verteenwoordig immers hul land," sê Johan, vir wie dié toer 'n groot mylpaal is. Sedert die stigting van die koor ses jaar gelede het die Transnet Libertaskoor wye bekendheid verwerf en word dit as een van die top kore in Suid-Afrika beskou.

Johan en sy vrou, Louwina, wat voltyds die administrasie behartig, is hart en siel by die koor betrokke. So ook elkeen van die 94 koorlede, onder wie ook twee van hul kinders, Lise en Pierre.

Die Transnet Libertaskoor is egter net 'n deel van Johan se lewe. Hy is voltyds 'n wiskundedosent aan die Universiteit en ook inwonende hoof van Wilgenhof. Hy was agt jaar lank tot einde 1984 dirigent van die Universiteitskoor.

Die geweldige geesdrif waarmee die koor begin en later ontvang is, is vandag nog steeds daar. Dié groot en spesiale koorfamilie het dit reggekry om deur hul sang brûe tussen mense en kulture te bou. Iets waarvoor Johan die medalje vir kulturbewordering van die Departement Onderwys en Kultuur (Volksraad) asook 'n eerbetoon as Brugbouer van die Jaar van Vroue vir Suid-Afrika ontvang het.

Oor dié prestasie is Johan egter heel beskeie. "Ons is net 'n klomp gelukkige mense bymekaar wat ons gate uit geniet in dit wat ons doen - om deur die krag van musiek bevryding en hoop te bring." - Terry Nel •

Nog 7 Cilliers-Barnard-werke

Die Sasol Kunsmuseum, 'n deel van die Universiteitsmuseum, kon onlangs sewe werke van die voorste Suid-Afrikaanse kunstenares Bettie Cilliers-Barnard by sy versameling voeg.

Al sewe skilderye was deel van die belangrike oorsiguitstalling van 130 werke van dié kunstenares wat vroeër vanjaar in die Sasol Kunsmuseum aangebied is.

Die Universiteitsmuseum het een van die sewe werke by die kunstenares gekoop. Die res is vir 'n onbepaalde tyd in bruikleen aan die museum beskikbaar gestel.

Die sewe werke is so gekies dat dit die ontwikkeling van Bettie Cilliers-Barnard se loopbaan as kunstenares weerspieël, en ook die verskillende media toon waarin sy haarself uitgedruk het.

Dit sluit onder meer in *Generations* (ink op papier, 1972), 'n ongetitelde werk in collage op papier (1983) en *Karmic Directive* (olie op doek, 1985). Die werk wat die museum gekoop het, is in gemengde media op papier (1992).

Prof. Muller Ballot, Direkteur van die Universiteitsmuseum, is 'n kenner van haar werk en het onlangs 'n boek daaroor voltooi. Hy was grootliks verantwoordelik vir die oorsiguitstalling van haar werk vroeër vanjaar in die Sasol Kunsmuseum en 'n soortgelyke een in die Pretoriase Kunsmuseum. Dié tentoonstellings het hulde gebring aan haar kunstenaarsloopbaan van die afgelope 55 jaar en het ook saamgeval met haar 80ste verjaardag aan die einde van verlede jaar.

Die Universiteit het tot onlangs slegs drie werke van Bettie Cilliers-Barnard gehad - 'n stilewe in olie (1949), 'n litografie (1964) wat deel is van die Marguerite Murray kunsbemaking wat permanent op die JS Gericke Biblioteek se onderste vlak uitgestal word en 'n litografie (1971) wat aan die Departement Joernalistiek behoort. •



Morné du Plessis

Pas nadat Morné du Plessis vroeër vanjaar aangewys is as bestuurder van die Springbok rugbyspan - voordat hy nog kans gehad het om te dink hoe hy die pos beskou - het die woorde van sy mentor, die legendariese Dok Craven, deur sy kop geflits. Dok se sêding was altyd: "Dis een ding om as 'n Springbok gekies te word; dis 'n ander ding om 'n goeie Springbok te wees."

Dok sou sekerlik vandag vir Du Plessis die versekering wou gee dat net soos wat hy in sy rugbyspelende dae nie net 'n agstemman, kaptein van Maties, die WP en Suid-Afrika was nie, maar uitmuntend in al dié hoedanighede, hy ook nie net bestuurder van die Springbokspan was nie, maar waarskynlik die beste wat Suid-Afrika nog gesien het.



Foto: John Wassenaar, Rapport

Trouens, Dok sou Du Plessis waarskynlik verkwalik het as hy nie die pos as bestuurder aanvaar het nie, want soos Hamilton Frost, lewenslange vriend van Dok, kan getuig, het Dok kort voor sy dood die wens uitgespreek dat Du Plessis nog eendag die voorsitter van die Suid-Afrikaanse Rugbyvoetbalunie (SARVU) moet word.

En dit som min of meer almal se mening op. In alle gemeenskappe is sy aansien hoog - daarom was die rugby-wêreld verheug toe hy die pos, 'n leiersposisie in die sportsoort, aanvaar het. En of hy 'n sukses van die pos gemaak het? Wel, die geskiedenis van Suid-Afrika se welslae in die Wêreldbeker en daarna spreek vanself.

Die volmaakte bestuurder, 'n speler se soort mens... én 'n ware heer

deur Heloïse Davis

Du Plessis se stamboom is, soos 'n bekende rugbyrubriekskrywer dit beskryf het, "onberispelik". Hy is 'n produksie van Grey Kollege in Bloemfontein. Hy is 'n Oud-Matie en oud-Wilgenhoffer. Albei ouers (Felix, rugby; Pat, hokkie) was Springbokke. Self het hy in 22 toetse vir Suid-Afrika, waarvan 15 as kaptein, gespeel.

Nadat hy 'n suksesvolle sakeloopbaan opgebou het, het hy ook in die storm-en-drang-jare van rugby in Suid-Afrika 'n groot rol agter die skerms gespeel om eenheid in SA rugby te bewerkstellig.

Die hele Suid-Afrika, insluitende die Springbokkaptein, Francois Pienaar, en die afrigter, Kitch Christie, besef retrospektief die geweldige groot rol wat Du Plessis gespeel het in die feit dat die draers van die Groen-en-Goud vandag wêreldkampioene is.

Die 45-jarige Du Plessis het die voordeel dat hy jong genoeg is om baie naby die spel en die spelers te wees. Hy kan die fluitjie neem, op die oefenveld gaan en raad gee oor wat gedoen behoort te word. Dit spreek vanself dat nie een speler op die veld omgee om na iemand te luister wat as een van die grootste agstemanne en kapteins in Suid-Afrika se rugbygeskiedenis beskou word nie.

Kitch Christie beskryf hom so: "Hy verleen ervaring aan enige span. Hy is 'n speler se soort mens, hulle hou van hom. Hy is nougeset in alles wat hy doen. Hy is die volmaakte bestuurder."

Du Plessis is ook die volmaakte bestuurder as dit by die publiek kom. Hy is vriendelik, 'n ware heer en - baie belangrik - diplomatis. Sy aandeel in die ondersteuning wat die Springbok span oor die hele politieke spektrum ontvang het, kan nooit genoeg benadruk word nie. Dit is hy wat gesê het Shosholoza (die Springbokke se amptelike rugbyloflied) se woorde moet ten nouste aansluit by die span se leuse van Een Span, Een Nasie. Dit is hy wat in gemeenskapsprojekte betrokke raak om rugby onder alle groepe te ontwikkel, wat deel in geldinsamelingsprojekte vir liefdadigheid, dit is hy wat volhou dat die Springbokke net gewone jong Suid-Afrikaners is wat geweldige groot krag put uit die ondersteuning van die reënboognasie.

Dok sou vandag inderdaad trots gewees het op die man wat hy geoogmerk het om eendag sy skoene vol te staan... •

Dok

(met Bliksem)

nou op Coetzenburg verewig

"Dink julle darem nog aan my, daar op die gras van ou Coetzenburg... Het julle my nog nie vergeet nie?" Só vra Leon Schuster in een van sy onlangse liedjies - met 'n brystem wat net soos dié van wyle dr. Danie Craven klink. En soos in die liedjie, is die antwoord op dié vrae natuurlik 'n besliste: "Ja, ons dink steeds aan jou, Dok. Ons sal jou mos nooit vergeet nie!"

Op Coetzenburg is daar nou ook 'n standbeeld om te help sorg dat dr. Craven elke dag onthou word.

"Dok se gees is nou verewig op Coetzenburg. Coetzenburg was tydelik leeg, maar nou nie meer nie," het mnr. Jannie Engelbrecht, wat dr. Craven se opvolger as president van die Rugbyklub is, gesê toe die indrukwekkende beeld van Dok en sy geliefde basterhond, Bliksem, staangemaak is voor die Jannie Marais-huis waar Dok tot sy dood vroeg in 1993 nog gereeld op kantoor was.

Die bronsbeeld is een en 'n kwart keer lewensgrootte. Dr. Craven word in 'n kenmerkende houding uitgebeeld met 'n rugbybal onder die regterblad en aan die beduie met sy linkerhand, al asof hy nog op die rugbyveld besig is om af te rig.

'n Kaapse beeldhouer, prof. Pierre Volschenk, wat 'n jare-lange vriend van Dok was, is die skepper van die standbeeld.

Die onthulling daarvan op Coetzenburg was vroeër diezelfde dag wat die Springbokke in die openingswedstryd van die Wêreldbeker-toernooi die Australiërs op Nuweland geklop het. Op die inskripsie onder aan die standbeeld word dr. Craven dan ook gehuldig vir sy bydrae om dié toernooi in Suid-Afrika moontlik te maak..

Rugby-ontwikkeling

Die Rugbyklub het self die geld vir die beeld ingesamel. Landwyd het oudspelers en talle ander vriende van die klub ruim bygedra vir die beeld asook die Danie Craven-fonds vir rugby-ontwikkeling.

Selfs lede van die Internasionale Rugbyraad - waarvan dr. Craven op sy dag die voorsitter was - het geld geskenk. Mnr. Albert Ferasse, gewese grootbaas van Franse rugby en 'n ou vriend van Dok, het nie net bygedra nie, maar self die onthulling van die standbeeld kom bywoon. Die beeld is op Coetzenburg staangemaak nadat dit die vorige aand op'n spogdinee onthul is - die laaste van ses sulke dinees wat landwyd gehou is.

Prof. Nic Terreblanche (dosent in Ondernemingsbestuur aan die Universiteit) was voorsitter van die standbeeld-projectkomitee wat geld ingesamel het om die beeld se oprigting moontlik te maak. Die ander drie komiteelede was mnre. Robert Denton ('n bekende in rugbykringe) wat die



Mnr. Albert Ferasse (links), gewese grootbaas van Franse rugby, mev. Merle Craven, weduwee van dr. Danie Craven, en mnr. Jannie Engelbrecht, president van die Rugbyklub, met die onthulling van die Craven-standbeeld.

projekbestuurder was, Jan Boland Coetze (onderpresident van die Rugbyklub), Belius Potgieter (Direkteur van die U.S. Sportburo) en Dawie Snyman (die Universiteit se Hoof Sportbeampte: Rugby).

'n Spesiale rooiwyn, *Doc Craven Statue Selected Red Wine*, is ook vir die geleentheid op die mark geplaas; asook 'n rooiwyn-magnum *Vin de Trois*, van drie bekende wynmakers, Oud-Maties en gewese Springbokke.

Die Craven standbeeld het - saam met die Markötter/Craven Rugbymuseum daar naby - van Stellenbosch se gewildste toeriste-lokase geword. Dok Craven se naam is natuurlik ook op Coetzenburg verewig met die Danie Craven rugbystadion, wat in 1980 in gebruik geneem is. Dit was die enigste universiteitsveld in die land waar een van die afgelope wêreldbeker-toernooiwedstryde - dié tussen Australië en Roemenië - aangebied is.

Vir die Rugbyklub was vanjaar een van die bedrywigstes in sy geskiedenis. Een van die eerste hoogtepunte was die vrienkskaplike provinsiale wedstryd tussen WP en Noord-Transvaal se senior spanne - as hul bydrae tot die oprigting van die Craven-standbeeld. (Dok het op sy dag vir albei die provinsies gespeel).

Sestien provinsiale sewespanne het op Coetzenburg uitgedraf vir die Winfield Sewes Trofee. Maties het ook 'n oortuigende oorwinning oor die toerspan van Old Belvedere van Dublin behaal.

In Ongelooflike 112 klub-spanne vanuit die Boland en WP het aan die *rugby rodeo* op Coetzenburg deelgeneem. Sestig skoolspanne het ook aan die ontwikkelingstoernooi op Coetzenburg deelgeneem en Paul Roos se rugbydag het 100 skoolspanne getrek. •

Die Rugbyklub het spesiale dasse met die Craven-standbeeld daarop beskikbaar teen R50 elk (posgeld uitgesluit). Bestel dit by die Rugbyklub, Universiteit van Stellenbosch, Privaatsak X1, Matieland, 7602; ☎(021) 88-4680;

Faks (021) 88-32178.



Oud-Maties help SA in wêreldstryd

Die vyf Oud-Maties in die SA netbalspan

wat onlangs tot die eindronde van die Wêreldtoernooi in Birmingham, Engeland, deurgedring het, het waarskynlik 'n groot rol in die span se sukses gespeel - nie net vanweë hul puik spel nie, maar veral weens hul aandeel aan die algemene spangees.

"Mense is dikwels gefassineerd daarvan. Vir party is dit moeilik om te verstaan en ander vind dit selfs irriterend..." So beskryf een van die bekendste en gewildste Oud-Maties sportvroue, kaptein van die Springbokspan en senior lektrise in Handelsreg op Stellenbosch, dr. Debbie Hamman, die kameraderie wat onder Oud-Maties netbalspelers heers, selfs al speel hulle vir verskillende klubs of provinsies. Dié band - wat 'n erekode van houding, beginsels en lewensbeskouing insluit - het 'n aansteeklike uitwerking op die res van die span gehad, meen Debbie. "En dit was beslis deels daarvoor verantwoordelik dat die span so gewild onder toeskouers en beampies was". Sy, Resé Hugo, Bennita van Zyl, Annie Kloppers en Estelle Rossouw was die vyf Oud-Maties in die span. Bronwyn Bock, huidige Matie, het as waarnemer die span vergesel. Debbie sê hulle loyaliteit teenoor mekaar is eg. "Daar is geen jaloesie nie. Ons sal mekaar op die baan altyd probeer komplementeer. Ons is basies soos een groot familie - en familiebande word nie verbreek as almal na universiteit uitmekaar spat nie."

Die netbalwêreld was beslis verras toe die Suid-Afrikaners, wat selfs vir langer as hulle rugbybroers internasionale mededinging ontsê is, so puik gevaa het en eers in die eindronde deur 'n skitterende Australiese span gestuit kon word. Dr. Hamman meen die feit dat die gemiddelde ouderdom van die span "30 en 'n ietsie" was, het vergoed vir die onderblootstelling aan internasionale kompetisie. "Ons was geestelik sterk, genadeloos, maar waardig op die baan. Ons waardes was hoog. Ons was nooit laat vir 'n bus, 'n funksie of wanneer ons moes aantree nie, en ook altyd galant teenoor ons gashere. Ek wil my trouens verstout om te sê, en nogal met trots, dat ons span agting by spelers, organiseerders en toeskouers afgedwing het. En dan sluit ek ons optrede op en van die baan af in."



By die Wêreld Netbaltoernooi in Birmingham is die Matie Bronwyn Bock (heel links) wat as waarnemer die SA span vergesel het, en die vyf Oud-Maties in die span: Debbie Hamman (kaptein), Bennita van Zyl, Resé Hugo, Annie Kloppers en Estelle Rossouw.

Promotors se gebrek aan insig is iets wat sy nie begryp nie. Netbal is die tweede suksesvolste sportsoort in Suid-Afrika - nie sokker, atletiek of swem kon tweede in 'n wêreldtoernooi eindig nie. Netbal is die grootste sportsoort onder alle vroue in Suid-Afrika en een van die ses grotes in die land. Lede van die Springbokspan is aantreklik, hulle vroulikheid is vir hulle baie belangrik, hulle is moeders, potensiële moeders, "aankopers" van voorraad vir huishoudings, opvoeders, 'n voorbeeld vir fiksheidsbewusheid in die algemeen. Waar is die borge dan? Waarom is dit dat manlike sportsoorte oorval word met borge? Besef borge nie die "verkoopwaarde" van netbal nie? Dit was vir haar baie interessant en ewe insiggewend, sê sy, hoe groot die belangstelling in netbal onder die manlike geslag in werklikheid is - en hulle kennis van die spel verbaas haar telkens. Debbie sê haar belangrikste mentor, wyle dr. Hantie du Toit, wat al die Oud-Maties in die SA span afgerig het toe hulle destyds Maties was, was altyd baie gesteld daarop dat haar spelers nie net "goed moes lyk nie, maar ook goed oor hulleself moes voel."

Dr. Du Toit (dosent aan Maties se Departement Menslike Bewegingskunde) is enkele jare gelede aan kanker oorlede. Sy het terloops in een van haar laaste gesprekke met Debbie laasgenoemde

verseker dat sy nog internasional sou meeding - iets wat Debbie deurentyd aangespoor het om steeds haar beste te lewer. Dié voorspelling het waar geword... Dr. Hamman, 'n Zimbabweër van geboorte wat in die destyds Oos-Transvaal haar skoolopleiding voltooi het voordat sy op aandrang van haar pa Stellenbosch toe gekom het ("omdat Stellenbosch die beste universiteit is om jou sportpotensiaal te ontwikkel en oor die beste regsfakulteit in die land beskik"), het die grade B.A. en LL.B. aan Maties behaal. Daarna het sy LL.M. met lof en LL.D. aan Ikeys behaal. As junior het sy haar provinsie op junior en seniorvlak in netbal, tennis, atletiek én swem verteenwoordig. In netbal se "afseisoen", bly Debbie ewe fiks. Sy doen gimnasiumwerk, padwerk en speel graag muurbal. Daarom is dit nie vir haar moeilik om fiks te word vir die seisoen nie - sy is altyd fiks. - Heloise Davis •

HOKKIEKLUB

se droom in gewy

'N DROOM HET VIR DIE HOKKIEKLUB WAAR GEWORD - danksy die toewyding en harde werk van toegewyde personeellede en veral die sportbeampte vir hokkie aan die US, mej. Jackie Wiese.

Die Hokkieklub se nuwe kunsgrasbaan "staan as monument vir haar, haar borrelende entoesiasme, haar toegewydheid, haar harde werk, haar deursettingsvermoë," het prof. Christo Viljoen, Viserekotor (Bedryf), gesê toe hy die nuwe baan ampelik geopen het.

Dit is gebou met 'n lening van R1,4 miljoen wat die Universiteit toegestaan het - terugbetaalbaar oor tien jaar.

Toe mej. Wiese in 1980 hier aangestel is, het sy dadelik begin om haar droom van 'n kunsgras-hokkiebaan op Coetzenburg te verwesenlik. Die destydse vrouehokkieklub - wat in 1992 met die mansklub saamgesmelt het - het in 1980 net R717,51 in die bank gehad.

Om eendag 'n kunsgrasbaan te kon bekostig, is 'n polis uit-geneem - "iets unieks in die geskiedenis van sportklubs



Prof. Christo Viljoen (regs) voordat hy die kunsgrasbaan geopen het, saam met mev. Kotie Smuts, presidente van die US Hokkieklub, en Shirley du Toit (Grace), die eerste Springbok wat deur die klub opgelewer is (in 1959), asook mnr. Belius Potgieter, die direkteur van Sport.

hier" soos prof. Viljoen dit gestel het. Teen die middel van 1994 het die klub meer as 'n halfmiljoen rand se bates gehad, hoofsaaklik gegenereer deur die vroueklub.

Die aanbieding van kampe en kursusse het hoofsaaklik hier-voor gesorg. Vanjaar byvoorbeeld is die 13de jaarlikse skole-hokkiekamp gehou. Skole van oor die hele land kom



Die hoofdirekteur van Studentesake, prof. Flip de Wet (middel), met die ingebuikneming van die kunsgrasbaan by twee van die klub se bekendste oudspelers, Steve Kossath (wat in 1960 die eerste Matie-manshokkiespeler was om Springbokkleure te verwerf) en Cherylle Calder (huidige SA onderkaptein).



Jackie Wiese (mid-del), sportbeampte vir hokkie aan die US en die groot dryfkrag agter die verkryging van die kunsgrasbaan op Coetzenburg, by die hokkieklub se manskaptein, Shawn der Kinderen, en die vrouekaptein, Jilly Dix.

hierheen en verlede jaar is dit die eerste keer ook vir seuns aangebied.

In 1983 het die klub spreilgte op een van sy bane laat aanbring en twee jaar later op nog 'n baan. Die Universiteit het die geld voorgeskiet en die klub het dit alles terugbetaal. Boonop is 'n biblioteek (waarskynlik die beste hokkiebiblio-teek in die land) daar ingerig - met boeke, tydskrifte, video's, rekenaars, 'n videokamera, en selfs 'n studentassistent wat deur die klub self bekostig word!

Die volgende groot projek is spreilgte teen R600 000 vir die nuwe kunsgrasbaan in die nabye toekoms. Hiervoor word die baanoppervlak van 6 000 vierkante meter teen R100 per vierkante meter verkoop.

Die Hokkieklub sit nie en wag dat dinge vir hulle gedoen word nie, het prof. Viljoen gesê. "Hulle is 'n pragtige en suksesvolle voorbeeld van wat dit beteken om dinge vir jou-self te doen... 'n voorbeeld vir al die ander sportklubs aan ons Universiteit."*

'Oupa Snoek' word vir sy halfceu vereer

'n Wyse man, al het hy net standerd vyf voltooi. Iemand wat die betekenis van arbeid adel uitgeleef het - wat as hooffeetkamerassistent van 'n manskoshuis 50 jaar se volgehoud getrouheid en lojaliteit, waardigheid en status aan 'n een-voudige werkplek verleen het.

'n Sagte, vriendelike man, sonder 'n sweempie sinisme of bitterheid, net vervul met dankbaarheid en lof vir dit wat die Universiteit van Stellenbosch hom laat toekom het.



Huis Visser se primarius, André Verhoef, by "Oupa Snoek" in die eetsaal wat, soos dié koshuis se manne gevra het, na hom vernoem moet word.

Dit is die storie van Richard Zide: 'n Merkwaardige verhaal van iemand wat as trekarbeider uit die Oos-Kaap Stellenbosch toe gekom het en vroeër vanjaar na 'n dienstyd van 50 jaar aan die Universiteit uitgetree het. Min werkneemers van die US het nog 'n halfeeu lank hier gewerk - en met die nuwe reëls rondom die ouderdomsgrens vir aftrede sal dit nie maklik weer gebeur nie.

Mnr. Zide (71) se lewe is gekenmerk deur 'n ongelooflike werketiek en lojaliteit, het prof. Andreas van Wyk, Rektor en Visekanselier, gesê op die afskeidsgeselligheid wat hy vir hom in Huis Visser aangebied het. Mnr. Zide was feitlik nooit afwesig nie en het soggens klokslag voor sesuur aangemeld. "Ek moes mos daar wees want as ek nie daar is nie, staan die eetkamer stil," het hy op 'n keer aan prof. Van Wyk gesê.

Sy getrouheid was absoluut treffend en het nie ongesiens verbygegaan nie. Dié eetkamer in Huis Visser waar hy soveel jare gewerk het, het die studente die Universiteit gevra, moet na hom vernoem word. 'n Merkwaardige huldeblyk, het die Rektor dié gebaar genoem.

En uit eie sak het die studente vir hulle geliefde "Oupa Snoek" - soos hulle hom genoem het - 'n televisiestel as afskeidsgeskenk gekoop.

"Die wonderlike van Richard Zide is dat hy dit vir sy kinders moontlik gemaak het om opvoedkundig uit te styg," het prof. Van Wyk gesê.

En dit word beaam deur mnr. Zide se seun, Gordon, wat saam met sy vrou die geselligheid vir sy pa bygewoon het - al die pad van die Universiteit van Fort Hare af waar hy registrator is. Hy is die derde van vyf kinders, van wie twee oorlede is. Hul ma - wat vanweë instromingsbeheer eers in 1986 by haar man op Stellenbosch kon kom woon - is ook oorlede.

"My pa het 'n visie gehad, wat lig gebring het en waarvan hy nooit afgewyk het nie," het mnr. Gordon Zide gesê. Sy pa se woorde was: "Ek het nie baie geleerdheid nie, maar ek sal daarna strewe om vir my kinders geleerdheid te gee. Dit is die beste versekeringspolis wat ek aan hulle kan besorg."

"Hy was my oudste student," beskryf prof. Danie du Toit van die Fakulteit Teologie en 17 jaar inwonende hoof van Huis Visser en Huis Marais vir Richard Zide.

Innerlike adel

"Hy is 'n man wat so 'n bietjie deur 'n mens kyk. Nie 'n man van woorde wat nie reg en eg is nie. Richard het meer as enigiemand anders wat ek ken, deur sy persoonlikheid, sy innerlike adel, sy sagte vriendelikheid, 'n waardigheid en status aan hierdie werkplek gebring. Mense wat hom geken het, is deur hom verryk."

Mnr. Zide self het vertel van al die rektore onder wie hy gedien het - van prof. Bobby Wilcocks, prof. HB Thom, prof. Jannie Viljee, prof. Mike de Vries tot by prof. Andreas van Wyk. Die swaar tye voor subsidies en bonusse. En al sy probleme wat altyd deur die Universiteit opgelos is.

Die aanwesiges - die meeste met vogtigheid in die oë - het elke woord van dié bejaarde man ingedrink. Met verwondering dat iemand wat só min in sy lewe ontvang het, só ryk kan wees. •

Die nuwe stem van Radio M a t i e

RADIO MATIE het sy vlerke gesprei! Na lang onderhandelinge met die Onafhanklike

Uitsaai-owerheid is
'n lisensie toege-
staan vir Radio
Matie as 'n vol-
waardige gemeen-
skaps-radiodiens.

Dit saai op FM uit en dek nou die hele Stellenbosch en omliggende gebied in 'n straal van sowat 15 km. Daar word elke dag 20 uur lank uitgesaai. Dit is een van vyf sulke radiostasies wat in die Wes-Kaap goedgekeur is.

Sowat drie kwart van Radio Matie (RM) se programme is in Afrikaans, 20% in Engels en 5% in ander tale. Dit sluit in hoofstroom- en spesiale musiekprogramme; nuus oor nasionale en internasionale gebeure, sowel as plaaslike nuus en kampus- en interkampus-nuus; kampussport; inbelprogramme; vermaak en debatte oor spesifieke aangeleenthede. Vroeër het RM slegs in die Neelsie (Langenhoven Studentesentrum) musiek deur 'n luidsprekerstelsel gespeel. Dit is nou in 'n hoogs gespesialiseerde gemeenskapsradiostasie omskep, met moderne ateljees en kantore in die Neelsie.

RM het 'n personeel van sowat 80 studente-vrywilligers wat die diens bedryf. Van dié vrywilligers is 36 omroepers en die res vervul ander pligte soos bestuur, administrasie, reklame en dienste. Advertensies verskaf 'n stewige inkomste. Studente van die Departement Joernalistiek is vir die stasie se tien nuusbulletins per dag verantwoordelik. 'n Klankateljee wat met RM verbind is, is by dié departement ingerig en bied praktiese ervaring van die elektroniese joernalistiek.

Gemeenskapsontwikkelingsprogramme word (onder meer saam met Uskor, die Maties se gemeenskapsdiens-organisasie) aangebied.

Volgens mnr. Jaco Botha, RM se besturende direkteur, is die radiodiens uit die staanspoor uit baie gewild by die studente, en by die Universiteitspersoneel en breër publiek



Prof.

Christo Viljoen

(regs), Viserektor (Bedryf) en
ook 'n kommissaris van die Onafhanklike
Uitsaai-owerheid, met die opening van Radio Matie by
die besturende direkteur, Jaco Botha (links agter), en twee
omroepers, Tessa van Staden en Edward Ontong. (Foto: Die
Burger)



want die uitsendings is nie net op die Maties gerig nie.

"Dit is 'n nuwe kommunikasiemedium tussen die universiteitsowerheid, akademici en studente wat net tot beter, wedersydse begrip kan bydra," het prof. Christo Viljoen, Viserektor (Bedryf), gesê toe hy die nuwe diens amptelik geopen het.

Die direkteur van 'n radio-ateljee in Zambië was so beïndruk met RM se beplanning en totstandkoming dat hy mnr. Botha en nog twee RM-bestuurslede genooi het om Zambië in die wintervakansie te besoek, waar hulle gehelp het met die beplanning van dié land se eerste handelstasie. •

Maties presteer/Maties excel

3e Matie wen prys in 5 jaar



Mnr. Heiner Böhme is onlangs as die landwye wenner van die Vereniging van Veevoervervaardigers (AFMA) se vyfde jaarlikse Koos van der Merwe/AFMA-prys vir Suid-Afrika se beste 1994-finalejaarstudent in Dierevoeding aangewys. Hy is die derde Matie wat die prys verower in die vijf jaar wat dit toegeken is. Die vorige Matie-wenners is mnr. Dirk van der Linde (1990) en André Uys (1992). Mnr. Böhme se prysgeld was R6 000. Hy het gemiddeld 80,75% in die vier studiejare vir die B.Sc.Agric.-graad (in Vekunde en Dierefisiologie) behaal, het 35 van die 38 vereiste vakmodules (en dus ook sy graad) met onderskeiding geslaag, en is met die A.I. Perold-medalje en SA Vereniging van Vekunde se prys bekroon. Mnr. Böhme is vanjaar 'n honneursstudent in Vekundige Wetenskappe aan die Universiteit. Hier oorhandig dr. Munro Griessel (regs), voorsitter van AFMA, die prys aan mnr. Böhme. •

A first-year Conservatoire student, Marina Wilson, has won one of the world's most coveted music scholarships - worth more than a quarter of a million rand and covering all her expenses for four years of study at the renowned Royal Academy of Music in London. The scholarship, by the Royal Schools of Music, is one of only a few such awards annually. Applications for it come from all over the world, from all the countries where the Royal Schools examinations apply. She is a violin student of Mrs Lona Antoniadis at the Stellenbosch Conservatoire, and the second student of Mrs Antoniadis to have won this scholarship. The first was Nicoline Koch, who now works as a violinist in Berlin, Germany. Marina Wilson took her first violin lessons with Mrs Antoniadis at the age of seven. In 1993, and again in 1994, Ms Wilson was selected for an orchestral course at the Interlochen Music and Arts Centre in the USA, where she played as a member of the World Youth Orchestra. Ms Wilson was also offered scholarships by two American universities, which she had to decline. Both Mrs Antoniadis and her husband, John (senior lecturer in piano at the Stellenbosch Conservatoire), are former students of the Royal Academy of Music in London.

Coveted music scholarship



Mrs Lona Antoniadis with Marina Wilson



Mej. Liezl van Zyl, 'n navorser in die Eenheid vir Bio-Etiek, het die Gencor-SzA3 bronsmedalje vir 1994 ontvang vir die Universiteit se beste magisterstudie in Lettere en Wysbegeerte, Natuurwetenskappe, Landbouwetenskappe, Ingenieurswese, Geneeskunde en Tandheelkunde. Dit word jaarliks deur die Suid-Afrikaanse Genootskap vir die Bevordering van die Wetenskap in medewerking met die Gencor-Ontwikkelingstrust toegeken. Mej. Van Zyl het die M.A.-graad in Filosofie met lof verwerf. Volgens haar studieleier, prof. Anton van Niekerk,

BRONSMEDALJE

was haar tesis die beste waarmee hy nog te make gehad het. Eksaminatore en ander kenners het dit so hoog aangeskryf dat die Universiteit dit in sy prestige-publikasiereeks Annale van die Universiteit van Stellenbosch uitgegee het. Die Eenheid vir Bio-Etiek is deel van die Sentrum vir Toegepaste Etiek in die Departement Filosofie. Sy is tans onder prof. Van Niekerk se leiding ingeskryf vir 'n doktorsgraad wat handel oor filosofiese en etiese kwessies verbonden aan die doodsfenomeen en genadedood. Haar belangstelling in mediese etiek spruit onder andere voort uit die feit dat haar pa 'n afgetreden pediater is. Haar ouers woon in Somerset-Wes. •

Maties presteer/Maties excel

Gesogte beurs vir regstudie

'n Tydelike junior lektor in Privaatrede, mnr. Richard Stevens, het 'n gesogte beurs van 'n Duitse regeringsinstansie verwerf, wat al sy koste vir 'n jaar se nagraadse studie aan die Universiteit van Tübingen in Duitsland sal dek.

Die beursgeld bedra altesaam meer as R50 000. Dit is deur die Deutscher Akademischer Austrauschdienst (DAAD) aan hom toegeken. Hy het onlangs na Duitsland vertrek, waar hy vir 'n meestersgraad in regte aan Tübingen sal inskryf nadat hy 'n gevorderde taalkursus in Duits aan die Goethe-instituut in Konstanz voltooi het.

Mnr. Stevens het einde verlede jaar LL.B. hier behaal en het vroeer die graad B.A. met lof verwerf. Hy het aan die Hoërskool Luckhoff op Stellenbosch gemaatrikuleer en onder meer Duits as vak gevolg. Ná matriek was hy in 1989 vir 'n jaar 'n uitruilstudent in Stuttgart, Duitsland. Hy het as regstudent ook 'n kursus in Duits gevolg. •



Wêreldkompetisie kom US toe

Die 17de Wêreld Universiteite Debatskompetisie is einde 1996 op die Matiekampus - vir die eerste keer in Afrika (en in 'n ontwikkelende land) en net die tweede keer in die Suidelike Halfrond.

Die kompetisie word in die laaste week van 1996 en in die eerste dae van 1997 op Stellenbosch gehou.

Die 1993/94-kompetisie was in Australië - die voriges is net in Noord-Amerika en Brittanje gehou. In Australië was die Maties die eerste SA universiteit wat die wêreldkompetisie bygewoon het. Twee Maties, Judy Malan en Jean Meiring, was toe die wenners van 'n belangrike afdeling waarin hulle o.m. die A-span van die Universiteit van Oxford uitgestof het.

Die Maties het toe reeds begin voorbrand maak om die kompetisie einde volgende jaar op Stellenbosch te hou. Hulle het op die kompetisie vroeer vanjaar by die Universiteit van Princeton in die VSA die groen lig gekry om in 1996/97 die gasheer te wees.

Bykans 800 studente van oor die hele wêreld - uit Kanada, Australië en die VSA tot Singapoer en Maleisië - sal op Stellenbosch toesak om onderwerpe so uiteenlopend soos *The Pope should get married* en *We have more to fear than to hope from genetic engineering* uit alle hoeke te debatteer.

Die formaat van die kompetisie is die Britse parlementêre debatstyl. 'n Regering van twee spanne (van twee debatteerders elk) praat teen 'n opposisie van twee spanne. Die onderwerp van elke debat word net 'n kwartier voor die aanvang van elke ronde aan die deelnemers bekend gemaak. Die sprekers moet dus behoorlik op hulle voete kan dink.

Naas die debatsrondtes word 'n openbare redevoeringskompetisie ook aangebied. En daar is 'n druk sosiale program, wat 'n tradisionele Suid-Afrikaanse en 'n Afrika

verwelkoming, 'n deftige nuwejaarsbal, en talle uitstappies en besigtingstoere insluit. Van die spogdebatte word buite die Universiteit aangebied - in historiese huise, die ingangsportale van hotelle en oop ruimtes op en om Stellenbosch.

Die reëlingskomitee vir die spogbyeenkoms is almal Maties - tien van hulle. Daar is ook 'n algemene komitee van nagenoeg 40 studente.

Die komitee sal 'n ernstige poging aanwend om universiteite in Afrika, wat tot dusver baie swak by die toernooi verteenwoordig was, op groot skaal te betrek.

Die Maties wil nie net 'n besonder professionele kompetisie aanbied nie, maar ook vir die besoekers wys watter wonderlike plek Suid-Afrika en Stellenbosch is. Die gedagte is om 800 mense hier te laat weggaan wat 'n gunstige boodskap oor Suid-Afrika huis toe sal terugneem. •



Jean Meiring en Judy Malan

IN MEMORIAM

MATIELAND HET MET LEEDWESE VERNEEM VAN DIE HEENGAAN VAN DIE VOLGENDE U.S.-PERSO- NEELLEDE, OUD-MATIES, MATIES EN ANDERE WAT 'N VERBINTENIS MET DIE UNIVERSITEIT GEHAD HET.

Mnr. CH (Callie) Badenhorst (70) van Stellenbosch, wat in 1985 as fakulteitsbeampte, Ingenieurswese, afgetree het, waar hy aangestel is in 1946, twee jaar na dié fakulteit gestig is; was die regterhand van nege Ingenieurs-dekane en oor byna vier dekades 'n raadgewer vir duisende ingenieurstudente; o.m. erepresident van die SA Federasie van Ingenieurstudente.

Mnr. JP Barnard (82) van Montagu; D.O.S.K. (1935).

Mnr. R Barnardo (27) van Bellville; B.Econ. ('91); oud-Simonsberger.

Dr. MA Basson (91) van die Strand; B.A. Regte ('27); het ook aan Unisa en die UP gestudeer; o.m. by die Hoërskool Helpmekaar in Johannesburg skoolgehou; later verbondé aan die Johannesburg College of Education; afgetree in 1969.

Dr. PJ (Piet) Bosman (81) wat lank op Stellenbosch as dokter gepraktiseer het; B.Sc. ('33).

Mnr. Johan Büchner (72); B.Sc., S.O.D. (met lof) en M.Ed. ('43, '44, '51).

Mev. E Crouse (geb. Vorster) (78) van Richmond, Noord-Kaap; Sert. in Spraak en Voordrag, B.A. (Maatsk. Werk) en Hons.B.A. ('37, '39, '60); oud-Sonopper.

Mev. M Crous (geb. Gouws) (51) van Jeffreysbaai; D.O.S.K. ('65).

Mnr. AP (Abe) de Villiers (55) van Bellville; B.Sc., B.Eng. ('64); was verbondé aan destydse SA Spoorweë en Hawens en 'n elektriese kontrakteursmaatskappy; het in 1972 sy eie elektriese raadgewende ingenieursfirma gestig wat tot De Villiers & Moore ontwikkel het.

Mnr. J Louis de Villiers (37) van Johannesburg; B.A., Hons.B. Joernalistiek met lof ('78, '82); media- en bemarkingsredakteur van Independent Newspapers; was voorheen o.m. verbondé aan die SAUK, die US se kantoor in Johannesburg en aan Trustbank; seun van afgetrede US-teologiedosent prof. JL de Villiers.

Mnr. JF du Toit (25) van Seepunt, Kaapstad; B.A. ('94) en vanjaar vir Hons.B. (Argeologie) ingeskryf.

Ds. WJ du Toit (76) van die Strand; B.A. ('39) en Kweekskoolopleiding 1943; was NG leraar in Montagu, Stanford, Moorreesburg, Colesberg, Bellville en Graaff-Reinet.

Dr. SJ (Faan) du Plessis (86) van die Strand; B.-, M.- met lof en D.Sc. in landbouwetenskappe ('29, '31, '35); dosent in Plantsiekteleer (nou Plantpatologie) en grondlegger van die Departement Mikrobiologie, US (1942-'53); waarna hy direkteur: plantbeskerming in die destydse Departement van Landbou was; later direkteur: navorsingsbeleid en raadgewer van die minister van landbou.

Mev. Fides Eloff (gebore Van Velden) (43) van Rustenburg; H.P.O.D. ('73); 'n oud-Sonopper.

Mnr. PB Engelbrecht (61) van Kemptonpark; B.Sc., B.Eng. ('59).

Mnr. JBG (Joe) Ferreira (66) van Durbanville; B.Comm., S.O.D., B.Ed. ('50, '54, '62); was Wilgenhof-huiskomiteelid en leier van Jan Pierewiet Studentegeselskap; knap atleet wat lid was van 1952-Dalrymplespan en vir Olimpiese Spele gekies is maar weens besering nie kon deelneem nie; was o.m. skoolhoof op Colesberg en in vyftigerjare by Thompson's Falls, Kenia, wat die enigste Afrikaanse skool noord van die ewenaar was; het afgetree as Suid-Kaapse hoofinspekteur van onderwys by destydse Raad van Verteenwoordigers.

Dr. LM Greeff (55) van New Redruth, Alberton; B.Sc., M.B., Ch.B. ('61, '65).

Mnr. LL Groenewald (30) van die Paarl; B.Econ. ('87).

Oudsen. Willie Groenewald (75) van Mosselbaai; B.Ed. ('47); was Matie-atletiekkaptein; het geboer ('48-'80) by Virginia, Vrystaat; 13 jaar LPR en vier jaar lid van destydse Senaat.

Mev. Nicolette Haasbroek (geb. Raath) (46) van Bellville; B.A. ('69).

Mev. Isa Hanekom (55) van die Strand; B.A. (Musiek) ('60); dirigent van die Strandse Kamerkoor.

Mev. GS Jooste (geb. Arangie) (69) van Durban; B.A., S.O.D., Sert. in Spraak en Voordrag ('46, '47, '47).

Dr. HA Kamnkhwani (52) van Zomba, Malawi; M- en D.Th. ('88, '90); rektor, teologiese seminarie, Zomba; onderwyser wat later predikant geword het; B.Th. (Univ. Noorde); tweede van 'n aantal Malawiërs wat aan die US Kweekskool gestudeer het; o.m. skriba van "Nkhoma Synod of the Church of Central African Presbyterian".

Lt. Dirk Kotze (49) van Kloof, Kwazulu/Natal; B.Sc., B.Eng. ('69).

Mev. Tharina Kretschmer (geb. Joubert) (51) van Fairland, Johannesburg; B.A. ('65).

Mnr. PJ Krige (37) van Garsfontein, Pretoria; B.Eng. ('80).

Mev. CJ (Christa) Kritzinger (geb. Coetzer) (53) van Stellenbosch; Dipl. in Huishoudkunde (met lof), O.D.H.N. ('60, '63); was onderwyseres, o.m. in Engeland; vrou van US-registrateur, prof. Serf Kritzinger.

Ds. MJ (Thys) Kritzinger (68) van Parow; B.A. ('47) en Kweekskool; was NG leraar in Gordonsbaai, Port Elizabeth, Memel en Karatara, asook 'n tyd verbondé aan die NG Kerk Argief; getroud met Oud-Maties Mien Swart.

Mnr. Jan G Kroese (55) van Stellenbosch; B.Comm. ('60); rekenmeester en later bestuurder: personeel by die Rembrandt Groep.

Mnr. Arnie Kruger (46) van Eversdal, Durbanville; B.Econ. ('71); sakeman; het vir Maties, WP en SA Gazelle-toer (1973) na Argentinië rugby gespeel.

Mnr. MM (Marius) Liebenberg (38) van Durbanville; B.- en Hons.B.Rek. ('77, '78); vennoot van Coopers en Leibrandt, Kaapstad; het ook Hons.B.Comm. aan Univ. Kaapstad behaal waar hy as jongste in die klas die hoogste punte behaal het; getroud met Oud-Maties Riëtte Higo (B-tot M.Comm. ('78-'85).



Mnr Callie Badenhorst



Mnr Theo Pistorius



Mev Joan Walters

Mnr. JA Mostert (78) van Stellenbosch; dipl. in landbou ('35).

Prof. CHD (Colyn) Murray (78) van Stellenbosch; B.A., M.A., S.O.D., M.- en D.Ed. ('38, '40, '41, '42, '49); was SR-lid en BTK-voorsitter; het Gemenebes en Carnegie beurse vir studie in VSA en Brittanje verwerf; het hom onderskei met spesiale onderwys; was voorsitter van komitee wat verslag oor autisme gepubliseer het; tot sy aftrede in '82 elf haar hoof, Buitengewone Onderwys, Unisa; sy pa, oupa en oupagrootjie was predikante; sy pa het De Colligny-sendingstasie, Transkei, begin.

Mnr. MJ Odendaal (85) van die Strand; B.Sc., S.O.D. ('30); afgetrede hoof van die Hoërskool Strand.

Mnr. Johan Oosthuizen van Mosselbaai; B.A. (L.O.), S.O.D. ('59, '61); lid van US-Judospan; onderwyser in Windhoek, Oudtshoorn, Mosselbaai; later sakeman en burgemeester van Mosselbaai.

Mnr. TGJ (Theo) Pistorius (72) van Magoebaskloof, Oos-Transvaal; B.Sc., B.Ing. ('45); was in 1963 een van Unisa se eerste MBL-graduati; was lank verbonde aan Foskor waar hy in 1985 as besturende direkteur afgetree het; stigterslid van Phalaborwa Waterraad, lid van destydse Verre Noord-Transvaal streekontwikkelingskomitee, lid van presidentskomitee van Gefedereerde Kamer van Nywerhede, voorsitter van Ondersoekskommissie na kunsmisbedryf en lid van Jacobs kommissie van ondersoek na bediening van die landbou.

Ds. HA Pretorius (57) van Chrissiesmeer; B.A., B.Th., Lisensiaat in Teologie ('68, '71, '71); was ook predikant in Ficksburg, Pongola en Swaziland.

Mnr. DH Roos (39) van Kaapstad; Hons.B.A. (Maatsk. Werk) ('81); verbonde aan Departement Gesondheid en Volkswelsyn.

Mev. ME (Magriet) Roos (geb. Krige) (61) van Hermanus; H.P.O.D. ('53); dogter van wyle prof. Gideon Krige van US-chemiedepartement.

Mev. Miriam Sack (geb. Zadkin) (85) van Johannesburg; L.S.O.D. ('29).

Mev. DC Sansun (71) van Stellenbosch; B.Sc.; moeder van Oud-Matie prof. Etienne van Heerden van Grahamstad.

Ds. H le C Taute (75) van Bloemfontein; B.A., M.A. ('40, '42) en Kweekskool opleiding; was NG leraar van Noordkus en Ladybrand.

Mnr. JSV Scheepers (68) van Nelspruit; B.Agric. ('48); oud-Wilgenhoffer.

Dr. Jan G Smith (75) van Kuilsrivier; B.- en (met lof) M.Sc. ('44, '47); tot einde 1985 dosent in Botanie, US; het doktorsgraad aan Utrecht, Nederland, behaal.

Mnr. HJ Steenberg (89) van Bloemfontein; B.Agric. ('33).

Dr. GC (Gassie) Theron (43) van Worcester waar hy die afgelope 12 jaar ginekoloog was; M.B., Ch.B., M.Med. ('76, '84).

Mnr. JD Theron (45) van Annlin, Pretoria; B.A. (L.O.), S.O.D. ('72).

Mnr. HJ (Pikkie) Truter (76) van Stellenbosch; B.A., S.O.D., M.A. ('37, '38, '39); spes. student in opvoedkunde ('49); was 17 jaar by Wellingtonse Ojnderwyserskollege; vanaf 1971 by Departement Afrikaans en Nederlands, US en het in 1982 as hoof, Afrikaans (Opvoedkunde) afgetree.

Mnr. JJ van Deventer (68) van Alberton; B.Sc. ('48).

Mej. EM van der Merwe (59) van Observatory, Kaapstad; Sert. in Spraak en Voordrag, O.D.M.S., Dipl. in orrel ('55, '56, '56).

Mnr. JH van der Westhuizen (48) van die Paarl; Hons.B.Mus. ('88).

Mnr. JH (Ponie) van der Westhuizen (86) van Springs; Springbok-vleuel van 1931-'32.

Dr. Piet van Schalkwyk (41), 'n chirurg van Bellville; M.Med. ('84).

Mnr. JD (Niel) van Tonder (53) van Pinetown; B.A. met lof, Hons.B.A., S.O.D. ('64, '65, '68); was 'n dosent in Afrikaans en Nederlands by die Univ. Durban-Westville; het 'n digbundel (1975) gepubliseer.

Mnr. Bremer van Velden (77), voorheen van Rustenburg; B.A., LL.B. ('37, '39); prokureur op Rustenburg vir 50 jaar; onderprimarius van Wilgenhof, het Matie-eerstespan rugby gespeel en was krieketkaptein; Rustenburg se mans enkel tenniskampioen vir tien jaar.

Reger Louis de V van Winsen (86) van Kaapstad; B.A., (met lof) LL.B. ('29, '31); was regter van Hooggeregtshof asook Appèlhof van SA en eertydse Ciskei; skrywer van verskeie regshandboeke; was voors. van SA Mediaraad en kampvegter vir persvryheid; bekend in kultuurkringe; o.m. trusteeeradslid van SA Biblioteek en Nasionale Kunsmuseum; het die leiding geneem met instelling van Kaap na Rio seiljagvaart.

Dr. HE van Zijl (85) van George; M.A. ('36).

Mnr. Louwrens E Venter (73) van Dordrecht; B.Comm. ('44).

Mev. Joan Walters (geb. Bruwer) (57) van Stellenbosch; B.A., S.O.D., H.D.B. ('57, '58, '81); het sedert 1982 in die Dokumentesentrum, JS Gericke Biblioteek gewerk. •

Reünies

Durban

Die Durbanse Oud-Matiefond se saamtrek op 16 Junie was die aand voor die báie nat rugby-Wêreldbekerstryd tussen die Bokke en die Hane op Kingspark! Die dekaan van Regsgeleerdheid, prof. James Fourie, was die geleenthedspreker by die saamtrek, in Westville se stadsaal.



Hier is prof. Fourie (derde van regs) en ses Durbanse oudstudente van die Regsfakulteit: Danie van den Bergh, Marelou Justus, Ben en Jackie van Heerden, Bill Daly ('n oud-klasmaat van prof. Fourie) en Inus Marais. Jackie (Julyan) en Ben is onlangs getroud. Inus is Sanlam se hoofbestuurder in Natal.



Dit lyk asof Danie van den Bergh, Inus Marais en Muller Retief wys hoe die Springbokke die volgende dag op Kingspark moes skrum.



Hildegarde van Zeeuw en Gertje Strachan.



Ryan Kelder, wat die saamtrek gereël het, en Gerrie Fourie, Stellenbosch Boerewynmakery se bestuurder in Natal.

Marlene en Hein Wessels.



Hannes de Jongh van Openbare Betrekkinge, US, by Alma en Francois Potgieter.



By die saamtrek van Bredasdorp, Napier en omgewing se Oud-Maties was Pierre en Joey Human, Jos en Stephanie Human en Serene en DW Giliomee.



Die Rektor en Visekanselier, prof. Andreas van Wyk, en mev. Magdalene van Wyk het ook dié saamtrek bygewoon. Hy is hier (naasregs) by Johan Fechter, Direkteur van Openbare Betrekkinge, US, asook Wilhelm en Susan Wessels.

Bredasdorp

Beaufort-Wes



Nico Loock en Kobus van der Merwe.



Onder die reüniegangers op Beaufort-Wes was Hildegarde Scholtz, Kuki Botha, Tiny Herholdt en Jean Marr. Die dekaan van Landbouweteskappe, prof. Martin Hattingh, was die geleentheidspreker by dié saamtrek.



Sybel Uys saam met Magnus en Joey Grant.

Prins Albert



Yzelle Rabe, Alida en (dr.) Daniel Milne en Joyle Neethling, by die Bredasdorp-saamtrek.



By die saamtrek op Prins Albert was Martin Odendaal, Riette Cilliers, Janet Kriel en Magriet Botes.



Anita en (dr.) Jan Malan en Magdaleen van Wyk, die rektorskou.



Samie en Johanna Eutigg, David Rossouw, Julia Smit, prof. Flip de Wet (wat die geleentheidspreker was) en dr. Johan Rossouw.

Reünies

Pretoria



Die Oud-Maties van Pretoria en omgewing het in die tweede kwartaal reünie gehou, met die Rektor en Visekanselier, prof. Andreas van Wyk (links), as gasspreker. By hom is Caro Kriel, Sanmarie Viljoen, Louis du Preez (verlede jaar se SR-voorsitter) en Paul Eloff.




Tukkies se rektorspaar, mev. Anette en prof. Flip Smit (regs), het as Oud-Maties die Pretoria-reünie bygewoon. Hulle is hier saam met Johan Fechter (links), direkteur van Openbare Betrekkinge, Leone van der Merwe, Dirk de Vos asook Marianna en Jan de Villiers.

Etienne de Villiers, Johan Fechter, Joan de Villiers, Hans Straeuli asook Maritz en Nico Henning.



Tsumeb



Marius van Niekerk (links) gesels met Van Zyl Brand by die saamtrek wat onlangs op Tsumeb gehou is.

OUD-MAJUBANE GESOEK



Majuba vier in 1997 sy dertigste bestaansjaar. Die Oud-Majubanebond (OMB) beplan 'n groot reünie en wil soveel oudinwoners as moontlik by die feesvieringe betrek. Alle oud-Majubane word gevra om met die bond in verbinding te tree sodat 'n databasis opgebou kan word. Huidige lede van die bond wil ook graag kennis maak met van die meer senior oudinwoners. Die vroue-inwoners uit die jare 1973-'75 toe Majuba 'n vrouekoshuis was, word veral aangemoedig om van hulle te laat hoor!

Laat weet gerus as u die name en adresse van ou koshuismaats het. En die OMB sal graag ou vriende weer met mekaar in verbinding wil bring. Skryf aan (of bel): "Space" du Preez, Voorsitter, Oud-Majubanebond, Van der Bylstraat 10, Stellenbosch, 7600; tel: 808-4277(w), 887-1422(h).

Windhoek



Marise van Zyl en Niel du Plooy het by die Windhoek-reünie saamgekuier.

Johan Rieckert gesels ernstige sake met Frank Snyman, Jaco Reed en Willie Bezuidenhout.



Sigi Wagner, Gerhard Roux en die rektorspaar, mev. Magdaleen en prof. Andreas van Wyk.



Are you
sure that you are
making the most of your offshore
financial resources?...

Tony Buckley has been managing Southern African clients' international funds for 14 years reporting to them personally during his frequent visits.

Complete confidentiality
 Your portfolio managed professionally by successful offshore money advisers. The average annual growth achieved from a Medium Risk Sterling Portfolio during the past three years amounted to 18.4%*.

Low or no up-front charges, no tax deductions.

"Buy a home in Britain" service, with Bond finance.

Offshore trusts set up, bank accounts opened.

Client protection via professional indemnity insurance.

Tony and colleague Pam Beith will be visiting South Africa again during November 1995.

For free advice on your offshore affairs, without obligation, respond NOW...

AJ BUCKLEY
ASSET MANAGEMENT LIMITED

Please send me more information	<input type="checkbox"/>
Please contact me when visiting SA.	<input type="checkbox"/>
Name	
Address	
Address	
Postcode	
Tel. (home)	
Tel. (work)	
Fax. No.	
Mail to: AJ Buckley Asset Management Ltd. Robuck House, Brighton Road, Godalming, Surrey GU7 1NS United Kingdom	

For instant service:
Fax to 0944 1483 426 123 or
Telephone 0944 1483 426 300

* Source: AJ Buckley Asset Management Ltd for the period ended 31/12/94.
Past performance is not necessarily a guide to future success. The value of investments and the income derived from them can go down as well as up and the investor may not get back the amount originally invested.

MTL/3

FYNBOS VILLA

Die Victoriaanse Gastehuis met gehalte diens
Lieflike middedorp verblyf in Stellenbosch
Akkrediteer en aanbeveel deur Satoer



*Bring 'n onvergetlike besoek aan
Fynbos as sakepersoon of toeris*

5 min loopafstand na Universiteit,
Konservatorium, Historiese Middedorp,
Coetzenburg, Botaniiese tuin en
Tradisionele Restaurante

Ruim Dubbelkamers en suite &
Privaat Familie Kothuis
met Tel, Faks, TV (M-NET), Ontbyt,
Mini Konferensies

Boomryke Tuin, Swembad, Braai,
Onderdak Parkering

Professionele diens vanuit moderne toegeruste
kantoor in Afrikaans/Engels/Duits

Skakel ons kantoor
TEL 021-8838670 FAKS 021-8838479
NEETHLINGSTRAAT 14, STELLENBOSCH
7600





DOEDOE, BABA,
DOEDOE

EK KAN DOEN
MET 'N MILJOEN

LEWENDROOM

AL D'EKSAMENS IS
NOU KLAAR

DIE JAWOORD IS UIT

EK HET 'N HUISIE
BY DIE SEE

Sanlam. Altyd in harmonie met jou behoeftes.

Sanlam se repertoire van beleggingsmoontlikhede weer-spieël die feit dat mense almal verskillende finansiële behoeftes het.

Jy wil dalk voorsorg tref vir jou gesin, 'n sorgvrye aftrede, jou kinders se opvoeding, mediese dekking of 'n luukse hier en daar. Wat ook al jou mikpunt – by Sanlam is jou geld bo aan die trefferly.

Gesels met jou Sanlam-raadgewer of jou makelaar, of skakel 0800-223344 tolvry. En stel die beste pakket saam vir jou toekoms.

 **Sanlam**

Waar u toekoms tel
verzekер!